

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING



VERWAGTINGS EN VOORKEURE IN
VERBAND MET TELEVISIE

D.P. CONRADIE , Ph.D.

INSTITUUT VIR KOMMUNIKASIE NAVORSING
DIREKTEUR : DR. P.C.J. JORDAAN

PRETORIA
1975

Verslag nr. KOMM 7

Kopiereg voorbehou



... ..

0000000040



woodward, 211, 214, 215
216, 217, 225, 228
231



RGN-DIBESTEL
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

3 AUG 1982

1982 -11- 3 0

IBL / ILL

1991 -06- 0 7

30/5/91 (2147) C

1991 -06- 0 5

TE

INHOUD

HOOFSTUK	BLADSY
1. Inleiding en doel	1
2. Metode	3
3. Die verkryging van 'n televisiestel	16
4. Die taal en tye van uitsendings	62
5. Wat uitgesaai gaan word	114
6. Die uitwerking van televisie	191

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC		
1979-08-22		
STANDKODE 001.3072068 HSRC Kofm 7	REGISTERNOMMER	
JESTELNOMMER Fotokopie	043784	0

INLEIDING EN DOEL

1.1 *Agtergrond*

Die ondersoek is een uit 'n reeks projekte wat deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing geloods word met die doel om mettertyd die invloed van televisie in die Republiek te bepaal. Hierdie navorsing spruit voort uit die aanbevelings vervat in die *Kommissie van Onderzoek insake aangeleenthede betreffende televisie* se verslag wat in 1971 deur die Kabinet aanvaar is.

In paragrawe 141, 411 en 412 van bogenoemde verslag word die volgende gevind:

"141.....Wat die gemeenskap self betref, behoort reeds lank voor die instelling van televisie, onder leiding van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en met die medewerking van die SAUK en Universiteitsinstansies, 'n wetenskaplike opname van die bestaande sosio-kulturele struktuur gemaak te word. So 'n opname kan die blywende Christelike en breë nasionale waardesisteen en die ontwikkelende samestelling van die sosiale struktuur van die gemeenskap omlyn, sodat 'n deurlopende evaluering van die inwerking van die televisiediens daarop, gedoen kan word."

"411. Die Kommissie beveel aan dat daar uit die staanspoor, selfs voor die instelling van televisie, 'n wetenskaplik-georiënteerde en gekoördineerde navorsingsprogram onderneem word om die uitwerking van die medium in Suid-Afrika te bepaal. Die navorsing moet deurlopend wees."

"412. Omdat die navorsing kan begin lank voordat die publiek televisie kan ervaar, sal die resultate van so 'n navorsingsprogram uniek wees in die wêreld omdat 'n soortgelyke situasie dusver nêrens anders op dieselfde wyse bestaan het nie."

X Vervolgens het die Minister van Nasionale Opvoeding 'n Tegnieese Advieskomitee aangestel om die SAUK en die Minister te adviseer oor enige saak rakende die instelling en uitbouing van die doeltreffendste moontlike diens binne die raamwerk van die land se vermoë en omstandighede. Die Tegnieese Advieskomitee het op sy beurt 'n subkomitee aangestel om verdere aanbevelings te doen omtrent die navorsingsprogram soos deur die Kommissie voorgestel.

Die subkomitee se aanbeveling was dat 'n omvattende ondersoek oor die sosio-kulturele lewe in Suid-Afrika so spoedig moontlik aangepak word. So 'n ondersoek sou 'n algemene studie oor bepaalde waardes en normatiewe gedragspatrone in verskillende samelewingsterreine insluit, en sou aspekte dek soos vryetydsbesteding, die gebruik van die massakommunikasiemedia, daaglikse gewoontes, asook minder meetbare aspekte soos houdings teenoor gesag, permissiwiteit, die bestaande massamedia, godsdiens, onderwys en dies meer, sowel as wat eintlik van 'n moontlike televisiediens verwag word.

Die Tegnieese Advieskomitee, die SAUK en die Kabinet het die aanbevelings van die sub-komitee aanvaar, en fondse vir die navorsing beskikbaar gestel.

1.2 Doel

Die doel van die ondersoek is om vas te stel wat die Republiek se volwasse Blanke bevolking van televisie verwag, en ook wat hulle ten opsigte van so 'n diens sou verkies. Die projek spruit direk uit die aanbevelings van die Tegnieese Advieskomitee se subkomitee en kan ook gebruik word om die resultate van die ander televisieprojekte wat deur die RGN onderneem word, in perspektief te plaas.

METODE

2.1 *Die vraelys*

Die gegewens is ingewin met behulp van 'n vraelys bestaande uit 207 vrae. Hiervan het 108 oor die verwagtinge en voorkeure ten opsigte van televisie gegaan, terwyl 39 biografies van aard was. Volledige instruksies oor hoe om die vrae te beantwoord, is verskaf. In gevalle waar die antwoorde nie deur middel van 'n onderhoud verkry kon word nie, kon die vraelys dus by die respondent gelaat word om self ingevul te word. By die meeste vrae moes daar net 'n kruisie gemaak word of 'n getal ingevul word. Die Afrikaanse vraelys het 22 gedrukte bladsye beslaan, terwyl die Engelse weergawe 20 bladsye lank was.

Die vraelys het uit ses afdelings bestaan:

- (a) Algemene inligting: Hierin het 'n beskrywing van die doel van die ondersoek verskyn, asook gegewens om die vraelys te identifiseer en aanwysings hoe om die vrae te beantwoord.
- (b) Die verkryging van 'n televisiestel: In hierdie afdeling het vrae verskyn oor verskeie faktore wat by die aanskaf van 'n televisiestel betrokke is.
- (c) Die taal en tye van uitsendings: Hier het dit gegaan oor probleme soos die taal van uitsending indien daar in twee of meer kanale uitgesaai kan word, die insluiting van programme of advertensies in Bantoetale, die tye wanneer die grootste gehore betrek sal word, en wat op Sondag uitgesaai moet word.

(d) Wat uitgesaai word:

Die vrae in hierdie afdeling het gehandel oor die verwagtings en voorkeure wat daar ten opsigte van spesifieke soorte programme bestaan. Vrae oor die beheer of keuring van programme het ook voorgekom.

(e) Die uitwerking van televisie:

Hier is gekyk na wat die respondente ten opsigte van die invloed van televisie op hulleself en op die samelewing in die algemeen verwag.

(f) Biografiese gegewens:

Nie net wat gedink word oor televisie was van belang, nie, maar ook wie dit gedink het. Alhoewel die naam of adres van die respondent nêrens aangevra is nie, het daar in hierdie laaste afdeling van die vraelys vrae verskyn oor die respondent se ouderdom, beroep, inkomste, geslag en vryetydsbesteding.

2.2 *Die steekproef*

Die steekproef het bestaan uit 2 500 Blankes van 18 jaar en ouer uit landdrosdistrikte dwarsdeur die Republiek. Die eis wat aan die steekproef gestel is, was dat dit verteenwoordigend moes wees van Suid-Afrika se Blanke volwasse bevolking (sien afdeling 1.2). Vervolgens word daar aangetoon hoedat die steekproef in die lig van bogenoemde oorweging getrek is, dit wil sê hoedat daar besluit is watter distrikte ingesluit moes word en hoeveel respondente uit elk geneem moes word.

Volgens die 1970-bevolkingsensus van die Republiek van Suid-Afrika, word die land in verskeie ekonomiese streke verdeel, en daar is

besluit om hierdie indeling as grondslag van die steekproeftrekking te gebruik. Aangesien die streke met betrekking tot bevolkingsgrootte baie verskil het, was dit nie moontlik om 'n verteenwoordigende steekproef te verkry deur eenvoudig ewekansig tussen hulle te kies nie. 'n Werkswyse waarvolgens verseker kan word dat klein sowel as groot gebiede ingesluit word, was nodig. Die prosedure wat gevolg is, was om die gebiede eers in verskeie "strata" volgens bevolkingsgrootte in te deel, en dan om verder afsonderlik met elke stratum te werk. Die maatstaf waarvolgens daar besluit is watter streke saamgegroepeer moet word (dit wil sê waar die grense van die strata moes wees), was die sogenaamde "kumulatiewe $\sqrt{f(y)}$ -reël" (Cochran, 1963). Hierdie reël kan met die volgende eenvoudige voorbeeld geïllustreer word: Die geval word beskou waar 'n steekproef uit vyf streke getrek moet word, maar met dié vereiste dat die steekproef eers in drie strate volgens bevolkingsgrootte verdeel moet word. Elke streek se bevolking (uitgedruk as 'n persentasie van die universum) word in tabel 2.1 aangegee.

TABEL 2.1

BEVOLKINGSGROOTTE VAN STREKE IN VOORBEELD

Streek	Bevolking as persentasie van universum
A	6
B	16
C	18
D	22
E	38
TOTAAL:	100

Om die kumulatiewe $\sqrt{f(y)}$ -reël te kan toepas, is dit nodig om die persentasie van tabel 2.1 in klasintervalle te plaas soos in tabel 2.2. In die eerste kolom word die bevolkingspersentasies in die vorm van 'n klasse-indeling (met klasintervalle van byvoorbeeld vyf persent) aangegee. Die getalle in die tweede kolom dui op die frekwensies waarmee die vyf streke in die betrokke klasse val. Die letter y word gewoonlik as simbool gebruik om die streke voor te stel, terwyl die frekwensie waarmee die streke voorkom, gewoonlik deur $f(y)$ voorgestel word (sien Cochran, 1963). In die derde kolom van tabel 2.2 verskyn die vierkantswortel van die frekwensies, dit wil sê $\sqrt{f(y)}$, en die kumulatiewe som van hierdie vierkantswortels word in die laaste kolom aangegee.

TABEL 2.2

BEREKENING VAN DIE KUMULATIEWE $\sqrt{f(y)}$ - WAARDES

Persentasies	$f(y)$	$\sqrt{f(y)}$	Kumulatiewe $\sqrt{f(y)}$
5-9	1	1	1
10-14	0	0	1
15-19	2	1,4142	2,4142
20-24	1	1	3,4142
25-29	0	0	3,4142
30-34	0	0	3,4142
35-39	1	1	4,4142

Volgens hierdie metode van strata-grense bepaal, word die grense sodanig bereken dat laasgenoemde gelyke inter-

valle op die kumulatiewe $\sqrt{f(y)}$ skaal vorm. Die maksimum waarde van die kumulatiewe skaal in tabel 2.2 is 4,4142, en indien dit in

drie gelyke intervalle verdeel moet word, beteken dit dat elke intervalgrootte $\frac{4,4142}{3} = 1,4714$ moet wees. Die grens tussen die eerste twee strata moet dus 1,4714 op die kumulatiewe skaal wees, terwyl die grens tussen die tweede en derde strata $2 \times 1,4714 = 2,9428$ moet wees.

In tabel 2.2 word gesien dat die waarde 1,4714 tussen 1 en 2,4142 op die kumulatiewe skaal val. Aangesien dit nader aan 1 as aan 2,4142 is, word die waarde 1 op die kumulatiewe skaal geneem as die boonste grens van die eerste stratum. Op dieselfde wyse kan bepaal word dat 3,4142 op die kumulatiewe skaal die boonste grens van die tweede stratum moet wees, want dit is die naaste waarde aan 2,9428 soos hierbo bereken.

Aangesien die grense van die strata nou bekend is, is dit moontlik om uit die tabel vas te stel hoeveel en watter streke in elke stratum ingesluit moet wees. Die eerste stratum bevat slegs een streek, naamlik die een met die kleinste bevolking (dit wil sê A). Die tweede stratum het drie streke (B,C en D), terwyl die derde stratum slegs die grootste van die vyf streke (dit wil sê E) bevat. Die streke is dus almal in een van die drie strata verdeel, en is die toepassing van die reël voltooi.

Net soos die streke in die voorbeeld hierbo in drie strata verdeel is, is die ekonomiese streke van die huidige ondersoek met behulp van die kumulatiewe $\sqrt{f(y)}$ -reël in vyf strata verdeel. Elkeen van hierdie strata is verder in vier substrata volgens provinsie verdeel, sodat daar altesaam 20 substrata was. Deur gebruik te maak van syfers uit die 1970-bevolkingsensus is elke substratum se bevolking as 'n persentasie van die hele land se bevolking uitgedruk, en hierdie persentasie het dan ook gedien as aanduiding van watter persentasie van die steekproef uit elke substratum moes kom. Dit was dus bekend presies hoeveel respondente uit elke substratum moes

kom.

Vervolgens is landdrosdistrikte op ewekansige wyse uit elke substratum getrek. Die aantal respondente uit elke landdrosdistrik is bepaal deur die landdrosdistrikte se relatiewe bevolkingsgroottes in elke substratum. Die landdrosdistrikte wat getrek is, saam met die aantal respondente in elk, verskyn in tabel 2.3.

TABEL 2.3

LANDDROSDISTRIKTE IN STEEKPROEF

Landdrosdistrik	Getal respondente
Beaufort-Wes	28
Bloemfontein	107
Caledon	62
Dundee	29
Durban	191
Ermelo	50
Estcourt	41
George	69
Germiston	275
Johannesburg	339
Lichtenburg	48
Malmesbury	61
Nelspruit	49
Oos-London	43
Oudtshoorn	46
Paarl	53
Pietermaritzburg	43

TABEL 2.3 (vervolg)

Landdrosdistrik	Getal respondente
Pretoria	215
Rustenburg	73
Sasolburg	53
Skiereiland	270
Uitenhage	72
Vereeniging	115
Welkom	32
Witbank	82
Worcester	54
TOTAAL	2 500

Met die verkryging van die getalle en landdrosdistrikte wat in tabel 2.3 aangegee is, was die steekproeftrekking egter nog nie afgehandel nie. Verdere onderskeidings ten opsigte van geslag, ouderdom en stedelike of plattelandse wonings is in elke distrik proporsioneel volgens sensusgegevens van 1970 gemaak. Met 'n "stedelike" woning is bedoel enige woning binne 'n beboude dorps- of stadsgebied, terwyl "platteland" slegs gegeld het waar die woonplek op 'n plaas of kleinhoewe buite die dorps- of stadsgebied geval het.

In tabel 2,4 kan gesien word hoe die steekproef wat met die veldwerk verkry is met betrekking tot laasgenoemde drie faktore (naamlik geslag, ouderdom en stedelik/platteland), vergelyk met 'n steekproef waarin die 2 500 respondente presies proporsioneel volgens die

1970-sensusgegevens verdeel is. Indien die twee stalle getalle beduidend van mekaar verskil het, sou die berekende waarde van chi-kwadraat groter as 24,725 (op die 1%-peil) of 19,675 (op die 5%-peil) wees (sien Garret, 1965). Die verkreeë waarde van chi-kwadraat (naamlik 8,9494) was egter veel kleiner, en gevolglik kon geen sodanige verskil gevind word nie.

TABEL 2.4

VERGELYKING TUSSEN STEEKPROEF- EN SENSUSGEGEWENS

Veranderlikes			Gegewens		
Stedelik / Platteland	Geslag	Ouderdom (jaar)	Steekproef volgens sensus	Steekproef soos verkry	Chi- kwadraat ^(x)
Stedelik	Mans	18-34	488	482	0,0737
Stedelik	Mans	35-54	369	401	2,7750
Stedelik	Mans	55+	215	221	0,1674
Stedelik	Vroue	18-34	469	463	0,0767
Stedelik	Vroue	35-54	374	372	0,0106
Stedelik	Vroue	55+	272	247	2,2977
Platteland	Mans	18-34	53	55	0,0754
Platteland	Mans	35-54	60	65	0,4166
Platteland	Mans	55+	48	51	0,1875
Platteland	Vroue	18-34	50	47	0,1800
Platteland	Vroue	35-54	57	57	0,0000
Platteland	Vroue	55+	45	34	2,6888
TOTAAL:					8,9494 ^(xx)

(x) Grade van vryheid = 11

(xx) $0,60 < p < 0,70$

2.3

Die veldwerk

Die veldwerk is gedoen deur opgeleide veldwerkers wat of die

vraelyste deur middel van 'n onderhoud ingevul het, òf (in gevalle waar die respondent nie vir 'n onderhoud beskikbaar was nie), die vraelyste by die betrokke wonings gelaat het sodat hulle later ingevul kon word. Slegs wonings in die landdrosdistrikte in tabel 2.3 is besoek.

In stedelike of dorpsgebiede het die veldwerk net plaasgevind in sekere voorstede wat vooraf op ewekansige wyse aangewys is. Genoeg voorstede is gekies sodat gemiddeld ongeveer 25 respondente in elk gevind moes word. In elke gekose voorstad is daar verder op ewekansige wyse ongeveer vyf straatblokke uitgekies, en die veldwerkers moes hulle tot dié blokke beperk. Slegs elke tweede wooneenheid in elke blok is besoek deur om die beurt by die hoekhuis en die huis langsaan die hoekhuis te begin, en ook deur eers links en dan die volgende keer regs om die blok te werk.

Die plattelandse respondente is ook verkry deur telkens besoek af te lê by elke tweede wooneenheid wat voorgekom het. Waar die wooneenhede in stedelike gebiede egter huise, woonstelle of kamers op dorpsrwe was, was hulle hier wonings op plase en kleinhowes. Paaie aan elke kant van die dorpsgebiede is betrek, en daar is om die beurt aan die linkerkant en dan aan die regterkant van die pad gewerk.

Nadat die veldwerkers by elke wooneenheid verduidelik het waarom die navorsing en dus ook hul besoek gegaan het, het hulle eerstens vasgestel hoeveel persone in daardie wooneenheid vir die beantwoording van die vraelys in aanmerking kom, en tweedens een van die inwoners op ewekansige wyse as respondent geloot. Slegs Blankes van 18 jaar of ouer kon geneem word, en net een persoon uit elke wooneenheid is gekies. In gevalle waar die

gekose respondent in daardie stadium nie tuis was nie (soos in die geval van werkende mense gedurende kantonrure), is die vraelys daar gelaat met die versoek dat die respondent dit self invul. Soos in afdeling 2.2 genoem, is die veranderlikes geslag, ouderdomsver spreiding en stedelik-platteland verhouding ook in ag geneem. Indien daar byvoorbeeld in 'n bepaalde landdrosdistrik reeds genoeg respondente van 'n sekere ouderdomsgroep ingesluit is, is geen persone in daardie ouderdomsgroep vir verdere insluiting in ag geneem nie. Op hierdie wyse is daar gepoog om 'n steekproef te verkry wat verteenwoordigend sou wees van die totale Blanke volwasse bevolking van die Republiek.

2.4. *Die veralgemening van die resultate tot die universum.*

In die hieropvolgende hoofstukke word die resultate van die ondersoek aangegee in die vorm van persentasies. Gestel daar is bevind dat 'n sekere persentasie vir die steekproef geld, dan kan die vraag ontstaan of hierdie persentasie sonder meer ook op die universum van toepassing is of nie. Die antwoord hierop is dat die persentasie nie net so veralgemeen kan word nie, maar dat daar ruimte gelaat moet word vir 'n klein afwyking in die persentasie wat moontlik as gevolg van steekproefverskille kan ontstaan. Hierdie moontlike afwyking kan met behulp van statistiese metodes op verskeie sekerheidspeile bereken word. Die vereiste hiervoor is natuurlik dat die steekproef verteenwoordigend van die universum is. Die formule waarvolgens die afwyking in persentasie op die 5% peil van betroubaarheid bereken kan word (sien Garret, 1965), is:

$$\text{Afwyking in persentasie} = \pm 1,96 \sqrt{\frac{PQ}{N}}$$

waar P = persentasie van die steekproef;

Q = 100%-P;

N = grootte van die steekproef.

Die \pm teken dui daarop dat die afwyking sowel 'n positiewe as 'n negatiewe waarde kan aanneem.

Gestel byvoorbeeld dat die persentasie P van 'n sekere steekproef 40% is, en dat die berekende persentasie-afwyking $\pm 0,4\%$ is, dan beteken dit dat met 95% sekerheid gesê kan word dat die persentasie wat vir die universum geld, $40\% \pm 0,4\%$ (dit wil sê van 39,6% tot 40,4%) sal wees.

Uit bogenoemde formule blyk dat verskillende afwykings met verskillende waardes van N of P verkry sal word. In tabel 2.5 word 'n lys afwykings aangegee vir $N = 2\ 500$ (die grootte van die steekproef in die huidige ondersoek) en vir verskillende waardes van P. Daarin kan gesien word dat die maksimum persentasie-afwyking 1,96% is, en dat dit verkry word waar $P = 50\%$. Dit beteken dat daar (op die 5%-sekerheidspeil) beweer kan word dat geen steekproefpersentasie (P) as gevolg van kansfaktore met meer as 1,96% verkeerd sal wees indien dit op die universum van toepassing gemaak sou word nie. Trouens, vir die meeste waardes van P is hierdie afwyking kleiner as 1,96%.

TABEL 2.5

MOONTLIKE PERSENTASIE-AFWYKINGS BY DIE VERALGEMENING VAN RESULTATE TOT DIE UNIVERSUM OP DIE 5%-SEKERHEIDSPEIL ($N = 2500$)

P (Persentasie van steekproef)	Persentasie-afwyking vanaf P
5	0,85
10	1,18
15	1,40
20	1,57
25	1,70
30	1,80
35	1,87
40	1,92
45	1,95
50	1,96
55	1,95
60	1,92
65	1,87

TABEL 2.5 vervolg

P	
(Persentasie van steekproef)	Persentasie-afwyking vanaf P
65	1,87
70	1,80
75	1,70
80	1,57
85	1,40
90	1,18
95	0,85

Die afwykings in tabel 2.5 geld net vir gevalle waar $N = 2\ 500$, dit wil sê waar die hele steekproef betrek word. Die resultate in die hieropvolgende hoofstukke word egter ook soms aangebied in die vorm van persentasies van subgroepe soos taalgroepe of inkomstegroepe. Elkeen van hierdie subgroepe kan ook beskou word as 'n afsonderlike steekproef uit 'n universum, en gevolglik kan bogenoemde formule ook gebruik word om die moontlike persentasie-afwykings te bereken. Weer eens is die aanname hier dat die steekproewe verteenwoordigend van hul universums is. In tabel 2.6 word so 'n lys van afwykings in persentasie vir verskillende waardes van N en P aangegee. Hierdie tabel maak dit moontlik om ook vir sulke subgroepe betreklik vinnig 'n aanduiding te kry van hoe groot die afwykings vanaf die betrokke persentasies sal wees.

TABEL 2.6

MOONTLIKE PERSENTASIE-AFWYKINGS BY DIE VERALGEMENING VAN DIE
 RESULTATE TOT DIE UNIVERSUM OP DIE 5%-SEKERHEID SPEIL (VIR
 VERSKILLENDE WAARDES VAN N)

N	Persentasie-afwyking vanaf die persentasie					P
	P = 50%	P = 40% of 60%	P = 30% of 70%	P = 20% of 80%	P = 10% of 90%	
2500	1,96	1,92	1,80	1,57	1,18	
2400	2,00	1,96	1,83	1,60	1,20	
2300	2,20	2,00	1,87	1,63	1,23	
2200	2,09	2,05	1,91	1,67	1,25	
2100	2,14	2,10	1,96	1,71	1,28	
2000	2,19	2,15	2,01	1,75	1,31	
1900	2,25	2,20	2,06	1,80	1,35	
1800	2,31	2,26	2,12	1,85	1,39	
1700	2,38	2,32	2,18	1,90	1,43	
1600	2,45	2,40	2,25	1,96	1,47	
1500	2,53	2,48	2,32	2,02	1,52	
1400	2,62	2,57	2,40	2,10	1,57	
1300	2,72	2,66	2,49	2,17	1,63	
1200	2,83	2,77	2,59	2,26	1,70	
1100	2,95	2,90	2,71	2,36	1,77	
1000	3,10	3,04	2,84	2,48	1,86	
900	3,27	3,20	2,99	2,61	1,96	
800	3,46	3,39	3,18	2,77	2,01	
700	3,70	3,63	3,39	2,96	2,22	
600	4,00	3,92	3,67	3,20	2,40	
500	4,38	4,29	4,02	3,51	2,63	
400	4,90	4,80	4,49	3,92	2,94	
300	5,66	5,54	5,19	4,53	3,39	
100	9,80	9,60	8,98	7,84	5,88	
200	6,93	6,79	6,35	5,54	4,16	

DIE VERKRYGING VAN 'N TELEVISIESTEL

3.1 *Algemeen*

In hierdie hoofstuk word die resultate aangegee ten opsigte van alle vrae wat gehandel het oor die moontlike verkryging van 'n televisiestel. Die vrae word woordeliks aangehaal soos hulle aan die respondente gestel is, en die volgorde waarin hulle bespreek word, is dieselfde as in die vraelys. Tensy anders aangedui, word die resultate oral in die vorm van persentasies aangebied. Om die interpretasie van die getalle te vergemaklik, is die gegewens deur histogramme geïllustreer. By elke histogram in hierdie en in die hieropvolgende hoofstukke word die getal respondente (N) waarop die persentasies betrekking het, aangegee. In gevalle waar die persentasie op sekere groepe respondente dui en nie op die totale steekproef nie, word die N van elke groep afsonderlik verskaf. Hierdie getal word net een keer vir elke groep aangedui, maar dit geld vir al die kere wat daardie groep in die histogram voorkom.

3.2 *Is u of u gesin van plan om 'n televisiestel aan te skaf?*

Uit figuur 3.1 blyk dat daar 'n sterk begeerte bestaan om televisiestelle aan te skaf, want ongeveer 82% van die respondente het aangedui dat hulle van plan is om dit te doen. Dit is veel hoër as die persentasie wat in die V.S.A. aanvanklik stelle aangeskaf het. Volgens Belson (1967) het slegs 9% van die Amerikaanse huisgesinne in 1949 stelle besit. Hierdie syfer het egter gestyg tot 87% in 1959 en tot 95% (Chester, Garrison en Willis, 1971) in 1970. In Engeland het Halloran (1965) bevind dat ongeveer 90% van die bevolking 'n televisiestel in die huis het.

FIGUUR 3,1

VERWAGTE AANSKAF VAN 'N TELEVISIESTEL DEUR DIE STEEKPROEF

(N = 2 500)		%
Beslis ja		40,28
Waarskynlik ja		41,72
Beslis nee		5,40
Waarskynlik nee		4,96
Weet glad nie		7,64
Ongespesifiseerd		0,00

Belson (1967) het verder bevind dat die eerste gebruikers van televisie in Engeland buite verhouding hoog gelaai was met mense uit die hoër inkomstegroepe. Dit is in ooreenstemming met die bevindings wat in figuur 3.2 uitgebeeld word. Daar bestaan 'n duidelike neiging by die laer inkomstegroepe om in 'n minderde mate stelle te wil aanskaf. Volgens Meyersohn (1968) sal die uiteindelijke verhouding tussen die hoër en die laer inkomstegroepe se televisiegebruik beïnvloed word deur die aantal alternatiewe aktiwiteite wat beskikbaar is. Hy het bevind dat waar daar baie alternatiewe aktiwiteite bestaan, die laer inkomstegroepe meer na televisie gekyk het as die hoër inkomstegroepe.

FIGUUR 3.2

VERWAGTE AANSKAF VAN 'N TELEVISIESTEL VOLGENS INKOMSTE

			%
Beslis of waarskynlik ja	Minder as R2000 (N=156)		59,62
	R2000-R3999 (N=479)		77,04
	R4000-R5999 (N=597)		83,76
	R6000-R7999 (N=468)		88,89
	R8000-R9999 (N=192)		90,62
	R10000-R11999 (N=124)		90,32
	R12000 of meer (N=164)		90,87
Beslis of waarskynlik nee	Minder as R2000		27,57
	R2000-R3999		12,94
	R4000-R5999		7,87
	R6000-R7999		6,62
	R8000-R9999		6,77
	R10000-R11999		8,07
	R12000 of meer		4,27
Weet nie of onge- spesifiseerd	Minder as R2000		12,81
	R2000-R3999		10,02
	R4000-R5999		8,37
	R6000-R7999		4,49
	R8000-R9999		2,61
	R10000-R11999		1,61
	R12000 of meer		4,87

Die verwagte aanskaf van stelle volgens gesinsgrootte word in figuur 3.3 aangegee. Daarin word gesien dat persone wat alleen woon, in 'n mindere mate stelle wil aanskaf. Dit is in ooreenstemming met Belson (1967) se bevinding dat groter gesinne aanvanklik meer na televisie kyk as kleiner gesinne. Die effense laer persentasie by die heel groot gesinne (agt of meer) in die figuur is egter verrassend, en die verklaring hiervoor moet dalk gesoek word in die feit dat ekonomiese oorwegings vir sulke groot gesinne moontlik 'n groter gewig kan hê.

FIGUUR 3.3

VERWAGTE AANSKAF VAN 'N TELEVISIESTEL VOLGENS GESINSGROOTTE

			%
Beslis of waarskyn- lik ja	1 in gesin ^(x)		69,42
	2-4 in gesin ^(xx)		82,01
	5-7 in gesin ^(xxx)		85,36
	8 of meer in gesin ⁽⁺⁾		73,47
Beslis of waarskyn- lik nee	1 in gesin		17,20
	2-4 in gesin		10,94
	5-7 in gesin		7,32
	8 of meer in gesin		12,24
Weet nie of ongespesi- fiseerd	1 in gesin		13,38
	2-4 in gesin		7,05
	5-7 in gesin		7,32
	8 of meer in gesin		14,29

(x) N = 157

(xx) N = 1 573

(xxx) N = 710

(+) N = 49

In figure 3.4 tot 3,6 verskyn die verwagte aanskaaf van televisie-
 stelle volgens huistaal, verblyfplek en onderwyspeil. Daar
 is bevind dat daar enkele klein verskille tussen die onderskeie
 groepe is, en dat die Engelssprekendes, persone in stedelike gebiede
 en die persone in die twee hoogste opgeleide groeperings, die
 graagste stelle wil aanskaaf,

FIGUUR 3.4

VERWAGTE AANSKAF VAN 'N TELEVISIESTEL VOLGENS HUISTAAL

			%
Beslis of waarskyn- lik ja	Afrikaans ^(x)		78,07
	Engels ^(xx)		86,76
	Ander taalgroepe ^(xxx)		85,62
Beslis of waarskyn- lik nee	Afrikaans		12,50
	Engels		7,74
	Ander taalgroepe		9,00
Weet nie of ongespesi- fiseerd	Afrikaans		9,43
	Engels		5,50
	Ander taalgroepe		5,38







(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 3,5

VERWAGTE AANSKAF VAN 'N TELEVISIESTEL VOLGENS
 VERBLYFPLEK (STEDELIK OF NIE-STEDELIK)

			%
Beslis of waarskyn- lik ja	Stedelik (x)		82,90
	Nie-stedelik (xx)		75,41
Beslis of waarskyn- lik nee	Stedelik		10,02
	Nie-stedelik		12,95
Weet nie of ongespe- sifiseerd	Stedelik		7,08
	Nie-stedelik		11,64

(x) N = 2 178

(xx) N = 309

FIGUUR 3.6

VERWAGTE AANSKAF VAN 'N TELEVISIESTEL VOLGENS ONDERWYSPEIL

			%
Beslis of waarskynlik ja	St. 8 of laer ^(x)		75,34
	St. 9 of 10 ^(xx)		85,53
	Hoër as st. 10 ^(xxx)		84,93
Beslis of waarskynlik nee	St. 8 of laer		14,03
	St. 9 of 10		8,17
	Hoër as st. 10		8,87
Weet nie of ongespe- sifiseerd	St. 8 of laer		10,63
	St. 9 of 10		6,30
	Hoër as st. 10		6,20

(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

3.3 *Indien u waarskynlik of beslis 'n stel gaan aanskaf, wil u dit huur, koop of eers huur en dan koop?*

Die verwagte aanskaf van televisiestelle deur die steekproef word in figuur 3.7 aangegee. Die groep wat wil koop en dié wat eers wil huur en dan koop, is omtrent ewe groot. Soos verwag kan word, is dit die hoër inkomstegroepe eerder as die laer inkomstegroepe wat dadelik wil koop (kyk figuur 3.8). Uit figuur 3.9 blyk dat hoe groter die gesin, hoe kleiner die neiging om stelle te wil huur sonder om te koop. Dit is ook veral die stedelike eerder as die nie-stedelike deel van die bevolking, en die Engelssprekendes eerder as die Afrikaanssprekendes of die anders-taliges wat die stelle so wil huur (sien figuur 3.10 en 3.11). Wat onderwyspeil betref, is daar 'n effense neiging vir die laagste

groep (st. 8 of laer) om minder stelle as die ander twee groepe te wil koop (sien figuur 3.12).

FIGUUR 3.7

VERWAGTE WYSE VAN AANSKAF VAN TELEVISIESTELLE DEUR DIE STEEKPROEF

(N = 2 500)		%
N.v.t. (Gaan nie 'n stel aanskaf nie)		9,08
Koop		31,68
Huur		15,92
Eers huur en dan koop		30,08
Weet nie		13,20
Ongespesifiseerd		0,04

FIGUUR 3,8

VERWAGTE WYSE VAN AANSKAF VAN TELEVISIESTELLE VOLGENS INKOMSTE

			%
Koop	Minder as R2 000 ^(x)		20,51
	R2 000-R5 999 ^(xx)		27,50
	R6 000-R9 999 ^(xxx)		37,42
	R10 000 of meer ⁽⁺⁾		39,23
Huur	Minder as R2 000		15,38
	R2 000 - R5 999		15,24
	R6 000 - R9 999		17,72
	R10 000 of meer		14,23
Eers huur en dan koop	Minder as R2 000		21,15
	R2 000 - R5 999		34,29
	R6 000 - R9 999		29,09
	R10 000 of meer		30,20
N.v.t., weet nie, of ongespe- sifiseerd	Minder as R2 000		42,96
	R2 000 - R5 999		22,97
	R6 000 - R9 999		15,77
	R10 000 of meer		16,34

(x) N = 156

(xx) N = 1 076

(xxx) N = 660

(+) N = 288

FIGUUR 3,9

VERWAGTE WYSE VAN AANSKAF VAN TELEVISIESTELLE VOLGENS GESINSGROOTTE

			%
Koop	1 in gesin ^(x)		24,20
	2-4 in gesin ^(xx)		31,28
	5-7 in gesin ^(xxx)		34,51
	8 of meer in gesin ⁽⁺⁾		30,61
Huur	1 in gesin		17,83
	2-4 in gesin		16,91
	5-7 in gesin		14,23
	8 of meer in gesin		6,12
Eers huur en dan koop	1 in gesin		21,02
	2-4 in gesin		30,01
	5-7 in gesin		32,54
	8 of meer in gesin		22,45
N.v.t., weet nie,of ongespesi- fiseerd	1 in gesin		36,95
	2-4 in gesin		21,80
	5-7 in gesin		18,72
	8 of meer in gesin		40,82

(x) N = 157

(xx) N = 1 573

(xxx) N = 710

(+) N = 49

FIGUUR 3.10

VERWAGTE WYSE VAN AANSKAF VAN TELEVISIESTELLE VOLGENS VERBLYFPLEK
(STEDELIK OF NIE-STEDELIK)

			%
Koop	Stedelik ^(x)		31,41
	Nie-stedelik ^(xx)		33,33
Huur	Stedelik		16,96
	Nie-stedelik		8,41
Eers huur en dan koop	Stedelik		29,86
	Nie-stedelik		31,72
N.v.t., weet nie, of ongespesifiseerd	Stedelik		21,77
	Nie-stedelik		26,54

(x) N = 2 187

(xx) N = 309

FIGUUR 3,11

VERWAGTE WYSE VAN AANSKAF VAN TELEVISIESTELLE VOLGENS HUISTAAL

			%
Koop	Afrikaans ^(x)		32,67
	Engels ^(xx)		26,82
	Ander taalgroepe ^(xxx)		41,73
Huur	Afrikaans		11,66
	Engels		23,68
	Ander taalgroepe		11,51
Eers huur en dan koop	Afrikaans		29,98
	Engels		31,65
	Ander taalgroepe		25,90
N.v.t., weet nie, of ongespe- sifiseerd	Afrikaans		25,69
	Engels		17,85
	Ander taalgroepe		20,86

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 3.12

VERWAGTE WYSE VAN AANSKAF VAN TELEVISIESTELLE VOLGENS ONDERWYSPEIL

			%
Koop	St. 8 of laer ^(x)		27,43
	St. 9 of 10 ^(xx)		33,88
	Hoër as st.10 ^(xxx)		33,80
Huur	St. 8 of laer		14,41
	St. 9 of 10		16,32
	Hoër as st. 10		16,48
Eers huur en dan koop	St. 8 of laer		28,44
	St. 9 of 10		32,33
	Hoër as st. 10		29,44
N.v.t., weet nie, of onge- spesifiseerd	St. 8 of laer		29,72
	St. 9 of 10		17,47
	Hoër as st. 10		20,28

(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

3.4 *Sou u 'n stel wat soos sommige gramradios toegesluit kan word, verkies?*

Uit figuur 3.13 word afgelei dat daar 'n duidelike voorkeur vir toesluitstelle bestaan. Hierdie voorkeur is die grootste in die R2 000 - R7 999 inkomstegroep (sien figuur 3.14).






















FIGUUR 3.13

VOORKEUR VIR TOESLUITSTELLE DEUR DIE STEEKPROEF

(N = 2 500)		%
Nie van toepassing nie		15,40
Ja		50,40
Nee		33,20
Weet nie		0,12
Ongespesifiseerd		0,88

FIGUUR 3.14

VOORKEUR VIR TOESLUITSTELLE VOLGENS INKOMSTE

			%
Ja	Minder as R2 000 (N=156)		41,67
	R2 000 - R3 999 (N = 479)		52,82
	R4 000 - R5 999 (N = 597)		55,95
	R6 000 - R7 999 (N = 468)		50,21
	R8 000 - R9 999 (N = 192)		46,35
	R10 000 - R11 999(N=124)		45,16
	R12 000 of meer (N = 164)		39,63
Nee	Minder as R2 000		27,56
	R2 000 - R3 999		26,72
	R4 000 - R5 999		30,15
	R6 000 - R7 999		35,90
	R8 000 - R9 999		41,15
	R10 000 - R11 999		42,74
	R12 000 of meer		42,07
N.v.t., weet nie, of onge- spesifi- seerd	Minder as R2 000		30,77
	R2 000 - R3 999		20,46
	R4 000 - R5 999		13,90
	R6 000 - R7 999		13,89
	R8 000 - R9 999		12,50
	R10 000 - R11 999		12,10
	R12 000 of meer		18,30

3.5 *Dink u televisie is net vir ryk mense bedoel?*

In figuur 3.15 word gesien dat verreweg die meeste respondente meen dat televisie nie net vir ryk mense bedoel is nie. Dit is die geval vir alle inkomstegroepe, veral vir die hoogste groepe (sien figuur 3.16). In Engeland en Amerika het Belson (1967) bevind dat die eerste kopers van televisiestelle hoofsaaklik uit die hoër inkomstegroepe gekom het, maar dat alle inkomstegroepe met verloop van tyd daarby betrek is.

FIGUUR 3.15

DIE STEEKPROEF SE ANTWOORD OP DIE VRAAG: "DINK U TELEVISIE IS NET VIR RYK MENSE BEDOEL?"

(N = 2 500)		%
Ja		9,16
Nee		82,28
Weet nie		8,48
Ongespesifiseerd		0,08

FIGUUR 3.16

INKOMSTEGROEPE SE ANTWOORD OP DIE VRAAG: "DINK U TELEVISIE IS NET VIR RYK MENSE BEDOEL?"

			%
Ja	Minder as R200 (N=156)	20	20
	R2000-R3999 (N=479)	12	12
	R4000-R5999 (N=597)	7	7
	R6000-R7999 (N=468)	5	5
	R8000-R9999 (N=192)	5	5
	R10000-R11999 (N=124)	7	7
	R12000 of meer (N=164)	4	4
Nee	Minder as R2 000	69	69
	R2 000-R3 999	76	76
	R4 000-R5 999	83	83
	R6 000-R7 999	86	86
	R8 000-R9 999	92	92
	R10 000-R11 999	84	84
	R12 000 of meer	92	92
Weet nie of ongespesifiseerd	Minder as R2 000	10	10
	R2 000-R3 999	11	11
	R4 000-R5 999	8	8
	R6 000-R7 999	7	7
	R8 000-R9 999	2	2
	R10 000-R11 999	8	8
	R12 000 of meer	3	3

3.6

Hierdie vraag gaan oor die soort stelle wat aangeskaf sal word, asook die betrokke pryse. (Indien u dus onder geen omstandighede 'n stel wil aanskaf, word hierdie vraag onbeantwoord gelaat.) Gestel dat televisie in u stad of distrik in 1975 ingestel word, en dat die volgende pryse naastenby geld (dit beteken natuurlik nie dat datums en pryse werklik so sal wees nie; dit word hier net ter wille van die vraag so gestel.)

- (i) Kleurstel koop: R750
- (ii) Swart-en-wit stel koop: R250
- (iii) Lisensiegeld: R24 per jaar
- (iv) Kleurstel huur: R25 per maand (lisensie en herstelkoste ingesluit)
- (v) Swart-en-wit stel huur: R10 per maand (lisensie en herstelkoste ingesluit)

Indien hierdie pryse geld, dink u u of u gesin sal

- (a) in die eerste jaar van uitsendings (of selfs voor die instelling van televisie)
 - (i) 'n kleurstel koop?
 - (ii) 'n kleurstel huur?
 - (iii) 'n swart-en-wit-stel koop?
 - (iv) 'n swart-en-wit-stel huur?
- (b) in die tweede of derde jaar van televisie-uitsendings
 - (i) 'n kleurstel koop?
 - (ii) 'n kleurstel huur?
 - (iii) 'n swart-en-wit-stel koop?
 - (iv) 'n swart-en-wit-stel huur?












In figure 3.17 en 3.18 word gesien dat kleurstelle meer gewild is as swart-en-wit stelle wat beide koop en huur van stelle betref gedurende die eerste of ook die tweede en derde jaar van uitsendings. Die aanskaf van stelle volgens inkomste van die gesin word in figure 3.19 en 3.20 uitgebeeld.

Daar is bevind dat die voorneme om kleurstelle te koop of huur sterker in d

hoër as in die laer inkomstegroepe is. Vir swart-en-wit-stelle was daar egter geen duidelike patroon (ten opsigte van inkomste) te bespeur nie.












FIGUUR 3.17

DIE STEEKPROEF SE AANSKAF VAN STELLE GEDURENDE DIE EERSTE JAAR VAN UITSENDINGS INDIEN DIE GENOEMDE PRYSE EN TYD GELD

		%	%	%
		Ja	Nee	Weet nie/ Ongespesi- fiseerd
				
(N = 2 500)				
Kleurstel koop	 	22,20	76,48	1,32
Kleurstel huur	 	28,64	70,12	1,24
Swart-en-wit-stel koop	 	11,04	87,64	1,32
Swart-en-wit-stel huur	 	20,16	78,56	1,28



















FIGUUR 3.18

DIE STEEKPROEF SE AANSKAF VAN STELLE GEDURENDE DIE TWEDE OF DERDE JAAR VAN UITSENDINGS INDIEN DIE GENOEMDE PRYSE EN TYD GELD

		%	%	%
		Ja	Nee	Weet nie/ Ongespesi- fiseerd
				
(N = 2 500)				
Kleurstel koop	 	34,00	64,44	1,56
Kleurstel huur	 	13,76	84,28	1,96
Swart-en-wit-stel koop	 	10,56	87,56	1,88
Swart-en-wit-stel huur	 	6,16	91,88	1,96

FIGUUR 3.19

INKOMSTEGROEPE SE AANSKAF VAN STELLE GEDURENDE DIE EERSTE JAAR VAN UITSENDINGS INDIEN DIE GENOEMDE PRYSE EN TYD GELD

			%	%
			Ja	Nee, we nie on- gespesi- fiseerd
				
Kleurstel koop	Minder as R2 000 ^(x)		10,26	89,74
	R2 000 - R5 999 ^(xx)		19,60	80,40
	R6 000 - R9 999 ^(xxx)		23,93	76,07
	R10 000 of meer ⁽⁺⁾		31,25	68,75
Kleurstel huur	Minder as R2 000		21,76	78,24
	R2 000 - R5 999		27,04	72,96
	R6 000 - R9 999		30,90	69,10
	R10 000 of meer		36,11	63,89
Swart-en- wit-stel koop	Minder as R2 000		10,26	89,74
	R2 000 - R5 999		11,80	88,20
	R6 000 - R9 999		11,81	88,19
	R10 000 of meer		9,02	90,98
Swart-en- wit-stel huur	Minder as R2 000		17,95	82,05
	R2 000 - R5 999		24,07	75,93
	R6 000 - R9 999		20,00	80,00
	R10 000 of meer		13,19	86,81

(x) N = 156



















(xx) N = 1 076

(xxx) N = 660

(+) N = 288

FIGUUR 3.20

INKOMSTEGROEPE SE AANSKAF VAN STELLE GEURENDE DIE TWEDE OF DERDE JAAR VAN UITSENDING INDIEN DIE GEMIDDE PRYSE EN TYD GELD

			%	%
			Ja	Nee, weet nie en ongespesifiseerd
				
Kleurstel koop	Minder as R2 000 ^(x)		24,36	75,64
	R2 000 - R5 999 ^(xx)		33,82	66,18
	R6 000 - R9 999 ^(xxx)		39,39	60,61
	R10 000 of meer ⁽⁺⁾		38,19	61,81
Kleurstel huur	Minder as R2 000		9,62	90,38
	R2 000 - R5 999		13,28	86,72
	R6 000 - R9 999		15,15	84,85
	R10 000 of meer		15,97	84,03
Swart-en- wit-stel koop	Minder as R2 000		10,90	89,10
	R2 000 - R5 999		12,82	87,18
	R6 000 - R9 999		9,69	90,31
	R10 000 of meer		7,63	92,37
Swart-en- wit-stel huur	Minder as R2 000		3,21	96,79
	R2 000 - R5 999		6,78	93,22
	R6 000 - R9 999		5,90	94,10
	R10 000 of meer		3,81	96,19

(x) N = 156

(xx) N = 1 076

(xxx) N = 660

(+) N = 288

3.7

Gestel dat televisie in u stad of distrik beskikbaar sal wees. Watter van die volgende faktore is vir u die belangrikste wanneer u oorweeg of u 'n televisiestel gaan aanskaf of nie?

(Skryf 'n "1" by die belangrikste faktor, 'n "2" by die tweede belangrikste faktor, ens.)

- (a) Die gehalte van die programme*
- (b) Die koste aan 'n stel verbonde*
- (c) Die ure wanneer daar waarskynlik uitgesaai sal word*
- (d) Die uitwerking wat televisie dalk op mense kan hê*
- (e) Die feit dat u dalk in elk geval toegang tot iemand anders se stel sal hê*
- (f) Iets anders wat vir u belangrik is, naamlik.....*

In figuur 3.21 word die gemiddelde rangorde van elk van bogenoemde ses faktore gegee. Die belangrikheidsindekse is verkry deur elke faktor se gemiddelde rangorde af te trek van die grootste rangorde wat onder die omstandighede moontlik kon voorkom (d.w.s. die rangorde wat daarop sou dui dat die betrokke faktor die minste belangrik is), naamlik ses. Daar is bevind dat die faktore se volgorde van belangrikheid dieselfde is as dié waarin hulle aangebied is. Hierdie volgorde het konstant gebly vir alle subgroepe waar die verdeling geskied het volgens geslag, taal (Afrikaans, Engels, of ander taalgroepe), onderwyspeil (st. 8 of laer, st. 9 of 10, hoër as st. 10), gesinsgrootte (1, 2-4, 5-7, of 8 of meer in gesin) of verblyfplek (stedelik of nie-stedelik).

FIGUUR 3.21

DIE RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN SEKERE FAKTORE VIR DIE STEEKPROEF TYDENS DIE AANSKAF VAN 'N TELEVISIESTEL





(N = 2 500)	BELANGRIKHEIDSINDEKS					Gemiddel rangorde
	1	2	3	4	5	
Die gehalte van die programme						1,57
Die koste aan 'n stel verbonde						2,65
Die ure wanneer daar waarkynlik uitgesaai sal word						2,98
Die uitwerking wat televisie dalk op mense kan hê						3,50
Die feit dat u dalk in elk geval toegang tot iemand anders se stel sal hê						4,80
Iets anders wat vir u belangrik is						5,50

3.8 *Sien u uit na die koms of instelling van televisie?*

Verreweg die meerderheid van die respondente (+ 75%) sien volgens figuur 3.22 wel uit na die koms van televisie. In die VSA het Steiner (1963) bevind dat ongeveer 60% positief, 23% negatief, en 16% beide positief en negatief teenoor televisie gestaan het. Dit wil dus voorkom asof televisie dalk meer gewild in Suid-Afrika as in die VSA sal wees, veral as gelet word op Hamilton (1960) se bevinding dat televisie se gewildheid in die eerste 18 maande van uitsendings nog meer toeneem.

FIGUUR 3.22

UITSIEN NA TELEVISIE DEUR DIE STEEKPROEF

(N = 2 500)		%
Ja		75,0
Nee		11,1
Onseker		13,7
Ongespesifiseer		0,0

Steiner (1963) het verder bevind dat persone met 'n lae onderwyspeil of met 'n klein inkomste respektiewelik meer van televisie hou as persone met 'n hoë onderwyspeil of met 'n hoë inkomste. In figure 3.23 en 3.24 word egter gesien dat dit die groep is met die laagste onderwyspeil of inkomste wat die minste uitsien na televisie. Die verklaring vir hierdie verskil lê moontlik in die soort programme wat oor die Amerikaanse senders uitgesaai is, en die mate waarin hierdie programme voldoen het aan die voorkeure van die betrokke subgroepe.

FIGUUR 3.23

UITSIEN NA TELEVISIE VOLGENS ONDERWYSPEIL

			%
Ja	St. 8 of laer ^(x)		71,93
	St. 9 of 10 ^(xx)		77,38
	Hoër as st. 10 ^(xxx)		75,35
Nee	St. 8 of laer		12,90
	St. 9 of 10		9,30
	Hoër as st. 10		11,96
Onseker of ongespesi- fiseerd	St. 8 of laer		15,17
	St. 9 of 10		13,32
	Hoër as st. 10		12,69













(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

FIGUUR 3.24

UITSIEN NA TELEVISIE VOLGENS INKOMSTE

			%
Ja	Minder as R2 000 ^(x)		59,62
	R2 000-R5 999 ^(xx)		75,92
	R6 000-R9 999 ^(xxx)		77,27
	R10 000 of meer ⁽⁺⁾		76,38
Nee	Minder as R2 000		18,59
	R2 000 - R5 999		9,94
	R6 000 - R9 999		10,60
	R10 000 of meer		11,80
Onseker of ongespesi- fiseerd	Minder as R2 000		21,79
	R2 000 - R5 999		14,14
	R6 000 - R9 999		12,13
	R10 000 of meer		11,82

(x) N = 156

(xx) N = 1 076

(xxx) N = 660

(+) N = 288

In figure 3.25 en 3.26 is die uitsien na televisie volgens verblyf-plek en volgens huistaal aangegee. Daar is bevind dat, alhoewel die verskille klein is, mense in stedelike gebiede effens meer na televisie uitsien as dié in nie-stedelike areas, en dat Afrikaanssprekendes effens minder as al die ander taalgroepe daarna uitsien.

FIGUUR 3.25

UITSIEN NA TELEVISIE VOLGENS VERBLYFPLEK (STEDELIK EN NIE-STEDELIK)

			%
Ja	Stedelik ^(x)		75,99
	Nie-stedelik ^(xx)		67,96
Nee	Stedelik		10,61
	Nie-stedelik		14,89
Onseker of on- gespesifiseerd	Stedelik		13,40
	Nie-stedelik		17,15

(x) N = 2 187

(xx) N = 309

FIGUUR 3.26

UITSIEN NA TELEVISIE VOLGENS HUISTAAL

			%
Ja	Afrikaans ^(x)		72,70
	Engels ^(xx)		77,22
	Ander taalgroepe ^(xxx)		78,42
Nee	Afrikaans		12,88
	Engels		8,75
	Ander taalgroepe		10,43
Onseker of ongespe- sifiseerd	Afrikaans		14,42
	Engels		14,03
	Ander taalgroepe		11,15

(x) N = 1 304

(xx) N = 891




(xxx) N = 278

3.9 *Dink u die meeste mense sien uit na die koms van televisie?*

In figuur 3.27 word gesien dat ongeveer 80% van die respondente meen dat die meeste ander mense uitsien na televisie. Dit het gegeld vir respondente uit alle inkomstegroepe, veral die wat R2 000 of meer per jaar verdien (sien figuur 3.28).













FIGUUR 3.27

STEEKPROEF SE MENING OOR DIE UITSIEN NA TELEVISIE DEUR ANDER MENSE

(N = 2 500)		%
Ja		79,84
Nee		4,52
Weet nie		15,52
Ongespesifiseerd		0,12

FIGUUR 3.28

INKOMSTEGROEPE SE MENINGS OOR DIE UITSIEN NA TELEVISIE DEUR ANDER MENSE

			%
Ja	Minder as R2 000 ^(x)		71,15
	R2 000 - R5 999 ^(xx)		79,73
	R6 000 - R9 999 ^(xxx)		84,24
	R10 000 of meer ⁽⁺⁾		81,59
Nee	Minder as R2 000		4,49
	R2 000 - R5 999		4,36
	R6 000 - R9 999		3,63
	R10 000 of meer		4,86
Weet nie, of onge- spesifi- seerd	Minder as R2 000		24,36
	R2 000 - R5 999		15,91
	R6 000 - R9 999		12,13
	R10 000 of meer		13,55

(x) N = 156

(xx) N = 1 076

(xxx) N = 660

(+) N = 288

3.10 *Verwag u dat televisie in u stad of distrik van die begin af uitgesaai sal word?*

Die steekproef se verwagting in hierdie verband verskyn in figuur 3.29, en dié van die landdrosdistrikte wat betrek is, word in figure 3.30, 3.31 en 3.32 aangegee. In totaal verwag naastenby twee derdes van die respondente dat uitsendings van die begin af in hul stad

of distrik uitgesaai sal word. Dit is interessant om daarop te let dat selfs in stede soos Oos-Londen en Pietermaritzburg daar heelwat onsekerheid bestaan oor die moontlikheid van vroeë uitsendings in daardie areas. Die distrik wat die uitsendings die minste verwag, is Oudtshoorn (\pm 17%), en die een wat dit die meeste verwag, is Welkom (\pm 91%).

FIGUUR 3.29

RESPONDENTE IN DIE STEEKPROEF SE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN TELEVISIE-UITSENDINGS IN HUL STAD OF DISTRIK

(N = 2 500)		%
Ja		65,96
Nee		14,28
Weet nie		19,44
Ongespesifiseerd		0,32



FIGUUR 3.30

RESPONDENTE IN DIE VRYSTAAT EN NATAL SE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN TELEVISIE-UITSENDINGS IN HUL STAD OF DISTRIK

			%
Ja	Sasolburg (N=53)		83,02
	Welkom (N=32)		90,63
	Bloemfontein (N=106)		74,53
	Estcourt (N=41)		36,59
	Dundee (N=30)		33,33
	Pietermaritzburg (N=46)		47,83
	Durban (N=189)		76,19
Nee, weet nie, of ongespe- sifiseerd	Sasolburg		16,98
	Welkom		9,37
	Bloemfontein		25,47
	Estcourt		63,41
	Dundee		66,67
	Pietermaritzburg		52,17
	Durban		23,81

FIGUUR 3.31

RESPONDENTE IN DIE KAAP SE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN TELEVISIE-UITSENDINGS IN HUL STAD OF DISTRIK

			%
Ja	Malmesbury (N=63)		52,38
	George (N=68)		25,00
	Caledon (N=63)		34,92
	Oudtshoorn (N=46)		17,39
	Beaufort-Wes (N=26)		23,08
	Oos-Londen (N=47)		46,81
	Uitenhage (N=74)		58,11
	Paarl (N=53)		62,26
	Worcester (N=52)		53,85
	Skiereland (N=271)		76,75
	Nee, weet nie, of ongespesi- fiseerd	Malmesbury	
George			75,00
Caledon			65,08
Oudtshoorn			82,61
Beaufort-Wes			76,92
Oos-Londen			53,19
Uitenhage			41,89
Paarl			37,74
Worcester			46,15
Skiereland			23,25

FIGUUR 3.32

RESPONDENTE IN TRANSVAAL SE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN TELEVISIE-
UITSENDINGS IN HUL STAD OF DISTRIK

			%
Ja	Pretoria (N=219)		82,19
	Johannesburg (N=338)		89,05
	Vereeniging (N=117)		64,96
	Germiston (N=270)		74,81
	Nelspruit (N=49)		18,37
	Ermelo (N=46)		34,78
	Witbank (N=79)		40,51
	Rustenburg (N=71)		73,24
	Lichtenburg (N=47)		31,91
Nee, weet nie, of ongespe- sifiseerd	Pretoria		17,81
	Johannesburg		10,95
	Vereeniging		35,04
	Germiston		25,19
	Nelspruit		81,63
	Ermelo		65,22
	Witbank		59,49
	Rustenburg		26,76
	Lichtenburg		68,09

3.11 Aangesien dit 'n SAUK-diens is, verwag u:

(a) dat die nuus objektief sal wees of dat dit eensydig aangebied sal word?

- (b) dat die programme in die algemeen swaar en opvoedkundig of lig en vermaaklik sal wees?
- (c) dat die vermaak op televisie oppervlakkig en eentonig of stimulerend en gebalanseerd sal wees?

Uit figure 3.33 tot 3.35 blyk dat die respondente in die geheel verwag dat die SAUK 'n objektiewe, lig en vermaaklike, asook stimulerend en gebalanseerde diens sal aanbied. In Frankryk het Dumazedier (1967) soortgelyke bevindings ten opsigte van die Franse bevolking se siening oor die objektiwiteit van hul televisie verkry. Tussen 88% en 96% van die Franse respondente het hul tevredenheid uitgespreek. In die VSA het Steiner (1963) ook tevredenheid onder sy respondente bevind toe hy nagegaan het of die Amerikaanse televisiediens as te swaar of te lig beskou word.

FIGUUR 3.33

STEEKPROEF SE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN DIE OBJEKTIWITEIT VAN NUUS-PROGRAMME

(N = 2 500)		%
Objektief		59,12
Eensydig		21,84
Weet nie		18,20
Ongespesifiseerd		0,84

* Die woord "opvoedkundig" is deurgans in die vraagstelling gebruik om by die algemene spreektaal aansluiting te vind. Met 'n "opvoedkundige" program of diens word bedoel 'n vormende of opbouende program of diens.

FIGUUR 3.34

STEEKPROEF SE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN DIE AARD VAN PROGRAMME

(N = 2500)		%
Swaar en opvoedkundig		24,00
Lig en vermaaklik		49,16
Weet nie		24,88
Ongespesifiseerd		1,96

FIGUUR 3.35

STEEKPROEFSE VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN DIE INTERESSANTHEID VAN PROGRAMME

(N = 2 500)		%
Oppervlakkig en eentonig		8,08
Stimulerend en gebalanseerd		74,88
Weet nie		16,28
Ongespesifiseerd		0,76

Indien daar in meer besonderhede gelet word op die sienings oor die objektiwiteit van die nuusprogramme, word daar gesien dat daar 'n groot verskil is tussen die Afrikaanse en Engelse taalgroepe se menings (sien figuur 3.36). Baie min Afrikaanssprekendes verwag eensydige nuus

(+ 11%); maar onder die Engelssprekendes is die persentasie wat eensydige nuus verwag omtrent net so groot as die persentasie wat objektiewe nuus verwag. Verder is daar ook 'n effense verskil tussen die verwagtings van persone wat stelle wil aanskaf en dié wat dit nie wil doen nie (sien figuur 3.37). Diegene wat wel stelle wil kry, is effens meer positief ingestel ten opsigte van die nuus se objektiwiteit.

Wat die onderwyspeil van die respondente betref (sien figuur 3.38), is bevind dat die persentasie wat "objektief" antwoord, styg namate die onderwyspeil verhoog, maar dat dit ook die geval is met die persentasie wat "eensydig" antwoord. Die persentasie wat "weet nie" antwoord, daal egter. Hieruit word afgelei dat die enigste verband wat onderwyspeil met die antwoorde op die vraag kan hê, daarin geleë is dat persone met 'n hóë onderwyspeil meer opinies oor die saak waag as dié met 'n laer onderwyspeil. In al drie groepe is objektiewe nuusprogramme verwag.

FIGUUR 3.36

VERWAGTE OBJEKTIVITEIT VAN NUUSPROGRAMME VOLGENS TAALGROEPE

			%
Objektief	Afrikaans (x)		71,78
	Engels (xx)		40,74
	Ander taalgroepe (xxx)		59,35
Eensydig	Afrikaans		11,20
	Engels		38,83
	Ander taalgroepe		17,99
Weet nie, of ongespesi- fiseerd	Afrikaans		17,02
	Engels		20,43
	Ander taalgroepe		22,66

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 3.37

VERWAGTE OBJEKTIVITEIT VAN NUUSPROGRAMME VOLGENS DIE VOORNEME OM 'N
STEL AAN TE SKAF OF NIE

			%
Objektief	Aanskaf ^(x)		61,07
	Nie aanskaf nie ^(xx)		50,58
	Weet nie ^(xxx)		49,74
Eensydig	Aanskaf		22,59
	Nie aanskaf nie		22,01
	Weet nie		13,61
Weet nie, of ongespesi- fiseerd	Aanskaf -		16,34
	Nie aanskaf nie		27,41
	Weet nie		36,65

(x) N = 2 050

(xx) N = 259

(xxx) N = 191

FIGUUR 3.38

VERWAGTE OBJEKTIVITEIT VAN NUUSPROGRAMME VOLGENS ONDERWYSPEIL

			%
Objektief	St. 8 of laer ^(x)		52,21
	St. 9 of 10 ^(xx)		61,05
	Hoër as st. 10 ^(xxx)		64,23
Eensydig	St. 8 of laer		19,47
	St. 9 of 10		21,28
	Hoër as st. 10		25,35
Weet nie, of ongespesifi- seerd	St. 8 of laer		28,32
	St. 9 of 10		17,67
	Hoër as st. 10		10,42

(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

In figure 3.39 tot 3.40 word die verwagte aard van die programme aangegee volgens taalgroep, onderwyspeil. en volgens die voorneme om 'n stel aan te skaf of nie. Daar is bevind dat Engelssprekendes die taalgroep is wat die minste ligte en vermaaklike programme verwag, en dat hoe laer die onderwyspeil van die respondente, hoe meer word sulke programme verwag. Min verskil is egter bespeur tussen die verwagtings van mense wat stelle wil aanskaf en dié wat dit nie wil doen nie.

FIGUUR 3.39

VERWAGTE AARD VAN PROGRAMME VOLGENS TAALGROEPE

			%
Swaar en opvoedkundig	Afrikaans ^(x)		19,25
	Engels ^(xx)		32,21
	Ander taalgroepe ^(xxx)		20,14
Lig en vermaaklik	Afrikaans		56,83
	Engels		38,94
	Ander taalgroepe		47,48
Weet nie, of ongespesifiseerd	Afrikaans		23,92
	Engels		28,85
	Ander taalgroepe		32,38

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 3.40

VERWAGTE AARD VAN PROGRAMME VOLGENS ONDERWYSPEIL

			%
Swaar en opvoedkundig	St. 8 of laer ^(x)		18,71
	St. 9 of 10 ^(xx)		22,62
	Hoër as st. 10 ^(xxx)		31,27
Lig en vermaaklik	St. 8 of laer		57,40
	St. 9 of 10		52,38
	Hoër as st. 10		36,34
Weet nie, of ongespesifiseerd	St. 8 of laer		23,89
	St. 9 of 10		25,00
	Hoër as st. 10		32,39

(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

FIGUUR 3.41

VERWAGTE AARD VAN PROGRAMME VOLGENS DIE VOORNEME OM 'N STEL AAN TE SKAF OF NIE

			%
Swaar en opvoedkundig	Aanskaf ^(x)		25,02
	Nie aanskaf nie ^(xx)		22,01
	Weet nie ^(xxx)		15,71
Lig en vermaaklik	Aanskaf		49,85
	Nie aanskaf nie		43,24
	Weet nie		49,74
Weet nie, of ongespesifiseerd	Aanskaf		25,13
	Nie aanskaf nie		34,75
	Weet nie		34,55

(x) N = 2 050

(xx) N = 259

(xxx) N = 191

Alhoewel al die taalgroepe stimulerende en gebalanseerde programme op televisie verwag (sien figuur 3.42), is hierdie verwagting die sterkste onder die Afrikaanssprekendes. Wat onderwyspeil betref, is hierdie verwagting effens swakker onder die respondente met die hoogste kwalifikasies (sien figuur 3.43). In figuur 3.44 word gesien dat heelwat meer mense wat van plan is om stalle aan te skaf, stimulerende en gebalanseerde programme verwag as mense wat nie stalle wil aanskaf nie. Dit sal egter baie moeilik wees om vas te stel of hierdie verwagting van interessante programme 'n gevolg of 'n oorsaak is van die voorneme om 'n stel aan te skaf.

FIGUUR 3.42

VERWAGTE INTERESSANTHEID VAN PROGRAMME VOLGENS TAALGROEPE

			%
Oppervlakkig en eentonig	Afrikaans ^(x)		3,07
	Engels ^(xx)		14,93
	Ander taalgroepe ^(xxx)		9,35
Stimulerend en ge- balanseerd	Afrikaans		85,58
	Engels		60,61
	Ander taalgroepe		72,30
Weet nie, of ongespe- sifiseerd	Afrikaans		11,35
	Engels		24,46
	Ander taalgroepe		18,35

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 3.43

VERWAGTE INTERESSANTHEID VAN PROGRAMME VOLGENS ONDERWYSPEIL

			%
Oppervlakkig en eentonig	St. 8 of laer ^(x)		3,79
	St. 9 of 10 ^(xx)		8,16
	Hoër as st. 10 ^(xxx)		12,68
Stimulerend en ge-balanseerd	St. 8 of laer		76,11
	St. 9 of 10		76,03
	Hoër as st. 10		72,11
Weet nie, on-gespesifi-seerd	St. 8 of laer		20,10
	St. 9 of 10		15,81
	Hoër as st. 10		15,21

(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

FIGUUR 3.44

VERWAGTE INTERESSANTHEID VAN PROGRAMME VOLGENS DIE VOORNEME OM 'N STEL
AAN TE SKAF OF NIE

			%
Oppervlakkig en eentonig	Aanskaf ^(x)		7,71
	Nie aanskaf nie ^(xx)		13,51
	Weet nie ^(xxx)		4,71
Stimulerend en gebalan- seerd	Aanskaf		78,34
	Nie aanskaf nie		56,76
	Weet nie		62,30
Weet nie, ongespesi- fiseerd	Aanskaf		13,95
	Nie aanskaf nie		29,73
	Weet nie		32,99

(x) N = 2 050

(xx) N = 259

(xxx) N = 191

DIE TAAL EN TYE VAN UITSENDINGS

4.1 *Algemeen*

In hierdie hoofstuk word die resultate aangegee ten opsigte van alle vrae wat gehandel het oor wanneer en in watter taal daar uitgesaai word. Soos in die vorige hoofstuk is die vrae woordeliks aangehaal en word hulle bespreek in dieselfde volgorde waarin hulle aan die respondente gestel is. Die resultate word in die vorm van persentasies aangebied en in die meeste gevalle is hulle ook met behulp van histogramme geïllustreer.

4.2 *Gestel dat televisie-uitsendings van 6 vm. tot middernag plaasvind.*

Watter tye sou u verkies om te kyk?

Die grootte van die televisiegehoor vir Maandae tot Donderdae word in figuur 4.1 aangegee. Die resultate is so gerangskik dat die persentasie van die steekproef wat van voorneme is om na televisie te kyk, vir elkeen van die agtien ure tussen 06h00 en 24h00 afgelees kan word. Soortgelyke gegewens vir Vrydae, Saterdag en Sondag verskyn in figure 4.2 tot 4.4. Op al die dae bereik die gehoor sy maksimum grootte saans tussen 20h00 en 21h00. Op Maandae tot Donderdae, sowel as op Vrydae, is die algemene kykpatroon een van relatief min toeskouers van 06h00 tot 18h00, maar met 'n duidelike toename in getalle daarna. Op Saterdag en Sondag is die gehoor gedurende die middag (12h00 - 18h00) groter as dié op weksdae.

FIGUUR 4.1

DIE KYK NA TELEVISIE DEUR DIE STEEKPROEF OP MAANDAE TOT DONDERDAE

(N = 2 500)		%
06h00 - 07h00		9,68
07h00 - 08h00		11,28
08h00 - 09h00		9,96
09h00 - 10h00		11,32
10h00 - 11h00		14,28
11h00 - 12h00		13,12
12h00 - 13h00		10,24
13h00 - 14h00		12,64
14h00 - 15h00		18,56
15h00 - 16h00		24,08
16h00 - 17h00		23,28
17h00 - 18h00		21,04
18h00 - 19h00		63,52
19h00 - 20h00		81,80
20h00 - 21h00		87,04
21h00 - 22h00		78,76
22h00 - 23h00		51,20
23h00 - 24h00		39,08



















FIGUUR 4.2

DIE KYK NA TELEVISIE DEUR DIE STEEKPROEF OP VRYDAE

(N = 2 500)		%
06h00 - 07h00		9,12
07h00 - 08h00		10,88
08h00 - 09h00		9,52
09h00 - 10h00		10,88
10h00 - 11h00		13,68
11h00 - 12h00		12,56
12h00 - 13h00		10,48
13h00 - 14h00		12,80
14h00 - 15h00		18,84
15h00 - 16h00		24,44
16h00 - 17h00		24,44
17h00 - 18h00		22,20
18h00 - 19h00		63,92
19h00 - 20h00		81,24
20h00 - 21h00		86,04
21h00 - 22h00		79,88
22h00 - 23h00		57,84
23h00 - 24h00		43,80



















FIGUUR 4.3

DIE KYK NA TELEVISIE DEUR DIE STEEKPROEF OP SATERDAE

(N = 2 500)		%
06h00 - 07h00		10,60
07h00 - 08h00		13,48
08h00 - 09h00		16,60
09h00 - 10h00		18,44
10h00 - 11h00		21,48
11h00 - 12h00		20,40
12h00 - 13h00		28,08
13h00 - 14h00		33,32
14h00 - 15h00		53,96
15h00 - 16h00		63,68
16h00 - 17h00		62,88
17h00 - 18h00		54,00
18h00 - 19h00		61,64
19h00 - 20h00		74,60
20h00 - 21h00		78,88
21h00 - 22h00		75,20
22h00 - 23h00		59,56
23h00 - 24h00		47,52

FIGUUR 4.4

DIE KYK NA TELEVISIE DEUR DIE STEEKPROEF OP SONDAE

(N = 2 500)		%
06h00 - 07h00		10,40
07h00 - 08h00		12,36
08h00 - 09h00		16,76
09h00 - 10h00		20,28
10h00 - 11h00		27,56
11h00 - 12h00		25,68
12h00 - 13h00		23,76
13h00 - 14h00		27,04
14h00 - 15h00		39,56
15h00 - 16h00		45,24
16h00 - 17h00		45,68
17h00 - 18h00		39,28
18h00 - 19h00		54,12
19h00 - 20h00		67,08
20h00 - 21h00		69,96
21h00 - 22h00		61,60
22h00 - 23h00		39,76
23h00 - 24h00		32,56


Die gegewens in figure 4.1 tot 4.4 verskil nie veel van die persentasies wat deur Dumazedier (1967) in Frankryk verkry is nie. Op Sondagnamiddae was die Franse gehoor egter kleiner (20% in die somer en 30% in die winter) as dié wat in Suid-Afrika verwag word (sien figuur 4.4). Dumazedier het verder ook bevind dat persone in Frankryk gemiddeld ongeveer sestien uur per week na televisie kyk, terwyl die ooreenstemmende getal vir persone in die V.S.A. agtien uur is. In Engeland het Halloran (1965) bevind dat die gemiddelde persoon meer as twee uur per dag voor 'n televisiestel deurbring. Wat die samestelling van die gehoor betref, is daar in die VSA bevind dat gedurende die dag dit eers hoofsaaklik vroue en later kinders is wat na televisie kyk, terwyl die gehoor saans eers uit die hele gesin en later hoofsaaklik net uit mans bestaan (Bogart, 1962).

- 4.3 *Indien u kinders van laerskool- of hoërskoolouderdom het, watter tye sou u verkies dat hulle na televisie kyk? (Dui weer die tyd aan. Indien u nie sulke kinders het nie, ignoreer hierdie vraag. Indien u wil hê dat u kinders self moet besluit, skryf net "self besluit" by die betrokke blokkie(s) neer.)*

'n Opvallende verskynsel in ander lande is dat kinders in 'n groot mate toegelaat word om self alle besluite ten opsigte van die kyk na televisie te neem. Die Australian Broadcasting Control Board (1970) het bevind dat 59% van die gesinne in Melbourne en 41% van die gesinne in Sidney geen reëls oor die kyktye of programkeuse van die kinders het nie. In die VSA is aangetoon (Steiner 1963) dat slegs 41% van die gesinne daar definitiewe reëls in hierdie verband het. . Uit die huidige ondersoek blyk . egter dat in hoogstens 6,74% van die Suid-Afrikaanse gesinne met laerskoolkinders, en in hoogstens 10,91% van dié met hoërskoolkinders, die kinders altyd self sal kan besluit watter tye hulle na-skool of naweke na televisie mag kyk.


FIGUUR 4.5

OUERS SE VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN HUL KINDERS SE KYKPATROON
OP MAANDAE TOT DONDERDAE




FIGUUR 4.6

OUERS SE VORKEUR TEN OPSIGTE VAN HUL KINDERS SE KYKPATROON
OP VRYDAE




FIGUUR 4.7

OUERS SE VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN HUL KINDERS SE KYKPATROON OP SATERDAE



FIGUUR 4.8

OUERS SE VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN HUL KINDERS SE KYK NA TELEVISIE OP SONDAE



In figure 4.5 tot 4.8 kan gesien word wanneer die ouers sou verkies dat hulle kinders na televisie kyk. Gedurende weekoggende is die persentasies baie na aan nul (vanselfsprekend so weens die feit dat omtrent al die kinders dan op skool is). Na 12h00 neem die persentasies meesal geleidelik toe tot 'n hoogtepunt om 20h00, waarna daar 'n vinnige afname is in die getal wat nog mag kyk. In al die gevalle is die persentasie vir laerskoolkinders hoër as dié vir hoërskoolkinders tussen 12h00 en 18h00, maar laer tussen 18h00 en 24h00. Dit beteken dat ouers jonger kinders meer as ouer kinders toelaat om gedurende middag te kyk, maar dat die ouer kinders saans later mag aanhou kyk. So 'n patroon stem baie ooreen met die kykgewoontes van kinders in die VSA (Liebert, 1973).

4.4 *Dink u daar is enige ander openbare diens wat nou of in die nabye toekoms belangriker en dringender vir ons land is as televisie?*

Oor die geheel het die respondente nie enige ander diens belangriker en dringender as televisie geag nie (sien figuur 4.9). Dit was die geval in al die subgroepe waar verdeling geskied het volgens taal, onderwyspeil of inkomste - alhoewel in 'n effense mindere mate onder die hoër opgeleide en besoldigde groepe (sien figure 4.10 tot 4.12).

FIGUUR 4.9

STEEKPROEF SE MENING OOR DIE BESTAAN VAN ANDER DIENSTE WAT BELANGRIKER EN DRINGENDER IS AS TELEVISIE

(N = 2 500)		%
Ja		26,00
Nee		46,32
Weet nie		26,56
Ongespesifiseerd		1,12

FIGUUR 4.10

TAALGROEPE SE MENING OOR DIE BESTAAN VAN ANDER DIENSTE WAT BELANGRIKER EN DRINGENDER IS AS TELEVISIE

		%
Ja	Afrikaans ^(x)	21,40
	Engels ^(xx)	32,32
	Ander taalgroepe ^(xxx)	26,26
Nee, weet nie, of ongespesifiseerd	Afrikaans	78,60
	Engels	67,68
	Ander taalgroepe	73,74

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 4.11

MENINGS VOLGENS ONDERWYSPEIL OOR DIE BESTAAN VAN ANDER DIENSTE WAT BELANGRIKER EN DRINGENDER IS AS TELEVISIE

			%
Ja	St.8 of laer ^(x)		19,60
	St.9 of 10 ^(xx)		24,07
	Hoër as st.10 ^(xxx)		35,35
Nee, weet nie, en on- gespesifiseerd	St. 8 of laer		80,40
	St. 9 of 10		75,93
	Hoër as st. 10		64,65

(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

FIGUUR 4.12

INKOMSTEGROEPE SE MENINGS OOR DIE BESTAAN VAN ANDER DIENSTE WAT BELANGRIKER EN DRINGENDER IS AS TELEVISIE

			%
Ja	Minder as R2 000 (x)		18,59
	R2 000 - R3 999		22,58
	R4 000 - R5 999 (xx)		
	R6 000 - R7 999		29,24
	R8 000 - R9 999 (xxx)		
	R10 000 - R11 999		39,93
	R12 000 of meer (+)		
Nee, weet nie, en ongespesi- fiseerd	Minder as R2 000		81,41
	R2 000 - R3 999		77,42
	R4 000 - R5 999		
	R6 000 - R7 999		70,76
	R8 000 - R9 999		
	R10 000 - R11 999		60,07
	R12 000 of meer		

(x) N = 156

(xx) N = 1 076

(xxx) N = 660





(+) N = 288

4.5 *Dink u dat televisie uitgestel moet word totdat die land se ekonomiese posisie verbeter het?*

Verreweg die meerderheid van die respondente (sien figuur 4.13), en veral die Engelssprekende taalgroep (sien figuur 4.14), was die mening toegedaan dat televisie nie uitgestel moet word tot na 'n verbetering in die ekonomie nie.

FIGUUR 4.13

STEEKPROEF SE MENING OOR DIE UITSTEL VAN TELEVISIE
WEENS EKONOMIESE OORWEGINGS

(N = 2 500)		%
Ja		21,76
Nee		64,16
Weet nie		13,72
Ongespesifiseerd		0,36

FIGUUR 4.14

TAALGROEPE SE MENINGS OOR DIE UITSTEL VAN TELEVISIE WEENS EKONOMIESE
 OORWEGINGS

			%
Ja	Afrikaans (x)		25,77
	Engels (xx)		15,49
	Ander taalgroepe (xxx)		23,74
Nee	Afrikaans		58,90
	Engels		72,84
	Ander taalgroepe		61,15
Weet nie, ongespesi- fiseerd	Afrikaans		15,33
	Engels		11,67
	Ander taalgroepe		15,11

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278











4.6 *Gestel dis aanvanklik net moontlik om in een kanaal (in Afrikaans en Engels) uit te saai. Dink u dat beide tale omtrent ewe veel elke dag in die programme gebruik moet word, of dat daar eerder om die beurt een dag in Engels en een dag in Afrikaans uitgesaai moet word? Merk ook hoe u verwag dat die SAUK gaan uitsaai.*

In beide voorkeur en verwagting het die steekproef groot steun aan "beide tale ewe veel elke dag" gegee (sien figuur 4.15). Die Afrikaans- en Engelssprekendes, sowel as die anderstaliges het dit

so verkies (sien figuur 4.16). Verder was hierdie voorkeur sterker onder mense wat van plan was om stalle aan te skaf as onder diegene wat nie van plan was om een te kry nie (sien figuur 4.17).

FIGUUR 4.15

STEEKPROEF SE VERWAGTINGE EN VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN DIE TYE VAN ENGELSE EN AFRIKAANSE PROGRAMUITSENDINGS

(N = 2 500)	 = Verkies  = Verwag	%
Beide tale ewe veel elke dag		81,24
		75,04
Afrikaans en Engels op verskillende dae		10,64
		8,92
Onseker of gee nie om nie		7,40
		12,08
Ongespesifiseerd		0,72
		3,96

FIGUUR 4.16

TAALGROEPE SE VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN DIE TYE VAN ENGELSE EN
AFRIKAANSE PROGRAMUITSENDINGS

			%
Beide tale ewe veel elke dag	Afrikaans (x)		82,98
	Engels (xx)		79,46
	Ander taalgroepe (xxx)		79,14
Afrikaans en Engels op verskillende dae	Afrikaans		9,51
	Engels		12,57
	Ander taalgroepe		9,71
Onseker, gee nie om nie, of ongespesifiseerd	Afrikaans		7,51
	Engels		7,97
	Ander taalgroepe		11,15

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 4.17

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN DIE TYE VAN ENGELSE EN AFRIKAANSE
 PROGRAMUITSENDINGS VOLGENS DIE VOORNEME OM 'N STEL AAN TE SKAF
 OF NIE

			%
Beide tale ewe veel elke dag	Aanskaf (x)		84,23
	Nie aanskaf nie (xx)		65,64
	Weet nie (xxx)		69,63
Afrikaans en Engels op verskillende dae	Aanskaf		9,85
	Nie aanskaf nie		13,13
	Weet nie		15,71
Onseker, gee nie om nie, of ongespesifiseerd	Aanskaf		5,86
	Nie aanskaf nie		21,23
	Weet nie		14,66

(x) N = 2 050

(xx) N = 259

(xxx) N = 191

4.7 *Wat meen u sal die uitwerking van 'n eenkanaaldiens in beide Engels en Afrikaans wees op die ander taalgroepe en op immigrante?*

Die antwoorde wat op hierdie vraag ten opsigte van ander taalgroepe gegee is, kan onder die volgende hoofde verdeel word (die persentasie van die 2 500 respondente wat so geantwoord het, word telkens aangegee tussen hakies):

(i) Ongespesifiseerd, weet nie.....(38,60%)

(ii) Dit sal hulle taalvermoë verbeter.....(21,08%)

- (iii) Geen uitwerking nie.....(17,80%)
- (iv) Dit sal ontevredenheid of verwarring veroorsaak...(10,08%)
- (v) Dit sal hulle aanpassing in die samelewing (buiten taalvermoë) verbeter.....(9,88%)
- (vi) Ander nadelige uitwerkings.....(1,68%)
- (vii) Ander opbouende of stimulerende uitwerkings.....(0,56%)
- (viii) Ander uitwerkings wat nie as opbouend of nadelig beskryf kan word nie.....(0,32%)

Die antwoorde ten opsigte van immigrante kan onder dieselfde hoofde verdeel word. Die persentasies is dan as volg:

- (i) Ongespesifiseerd, weet nie.....(42,68%)
- (ii) Dit sal hulle taalvermoë verbeter.....(25,04%)
- (iii) Geen uitwerking nie.....(14,92%)
- (iv) Dit sal ontevredenheid of verwarring veroorsaak...(5,92%)
- (v) Dit sal hulle aanpassing in die samelewing (buiten taalvermoë) verbeter.....(9,48%)
- (vi) Ander nadelige uitwerkings.....(1,44%)
- (vii) Ander opbouende of stimulerende uitwerkings.....(0,32%)
- (viii) Ander uitwerkings wat nie as opbouend of as nadelig beskryf kan word nie.....(0,20%)











4.8 *Indien daar aanvanklik net een kanaal is, dink u dat daar net in Afrikaans en Engels uitgesaai moet word, of dat daar sekere Bantoeprogramme ook ingesluit moet word? Merk ook hoe u dit sou verwag.*

In figuur 4.18 word gesien dat die respondente as geheel 'n effense voorkeur het vir 'n diens sonder Bantoeprogramme, maar dat hulle ten opsigte van wat hulle verwag, gelykop verdeel is tussen 'n diens

met en een sonder sulke programme. Die voorkeur vir 'n diens sonder Bantoeprogramme is meer opvallend onder die laer as onder die hoër gekwalifiseerde groepe (sien figuur 4.19), en kom verder voor onder beide diegene wat 'n televisiestel wil aanskaf en diegene wat dit nie wil doen nie (sien figuur 4.20). Indien die resultate egter geanaliseer word volgens taalgroepe, kom 'n interessante feit na vore. Dit is naamlik dat die Engelssprekendes, in teenstelling met die Afrikaanssprekendes, 'n duidelike voorkeur het vir 'n diens met Bantoeprogramme (figuur 4.21). Die bevinding dat die steekproef as geheel gekant is teen die insluiting van Bantoeprogramme, moet dus verklaar word in terme van die groter getalle van die Afrikaanssprekendes en deur die feit dat hulle as 'n groep sterker oor die saak voel (soos afgelei uit die persentasies in figuur 4.21) as die Engelssprekendes.

FIGUUR 4.18

STEEKPROEF SE VERWAGTINGE EN VOORKEURE OOR DIE UITSAAI VAN BANTOE-PROGRAMME

(N = 2 500)	 = Verkies  = Verwag	%
Sonder Bantoe-programme		47,16
		39,44
Met Bantoe-programme		37,80
		39,96
Onseker of gee nie om nie		14,56
		17,48
Ongespesifiseerd		0,48
		3,12

FIGUUR 4.19

VOORKEUR VOLGENS ONDERWYSPEIL TEN OPSIGTE VAN DIE UITSAAI VAN
BANTOEPROGRAMME

			%
Sonder Bantoe programme	St. 8 of laer ^(x)		49,30
	St. 9 of 10 ^(xx)		47,00
	Hoër as st.10 ^(xxx)		45,21
Met Bantoe programme	St. 8 of laer		31,10
	St. 9 of 10		38,84
	Hoër as st. 10		43,36
Onseker, gee nie om nie, of ongespesifiseerd	St. 8 of laer		19,60
	St. 9 of 10		14,16
	Hoër as st. 10		11,41

(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

FIGUUR 4.20

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN DIE UITSAAI VAN BANTOEPROGRAMME VOLGENS DIE
 VOORNEME OM 'N STEL AAN TE SKAF OF NIE

			%
Sonder Bantoe- gramme	Aanskaf (x)		47,41
	Nie aanskaf nie (xx)		42,86
	Weet nie (xxx)		50,26
Met Bantoe- programme	Aanskaf		39,07
	Nie aanskaf nie		37,45
	Weet nie		24,61
Onseker, gee nie om nie, of ongespesifiseerd	Aanskaf		13,52
	Nie aanskaf nie		19,69
	Weet nie		25,13

(x) N = 2 050

(xx) N = 259

(xxx) N = 191

FIGUUR 4.21

TAALGROEPE SE VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN DIE UITSAAI VAN BANTOEPROGRAMME

			%
Sonder Bantoe-programme	Afrikaans (x)		56,13
	Engels (xx)		36,36
	Ander taalgroepe (xxx)		40,29
Met Bantoe-programme	Afrikaans		31,52
	Engels		46,02
	Ander taalgroepe		40,65
Onseker, geenie om nie, of ongespesifiseerd	Afrikaans		12,35
	Engels		17,62
	Ander taalgroepe		19,06

(x) N = 1304

(xx) N = 891











(xxx) N = 278

4.9 Indien daar wel by so 'n eenkanaaldiens sekere Bantoe programme verskyn, dink u hulle moet altyd op 'n sekere vaste tyd in die week verskyn, of dat hierdie tye van week tot week kan verander? Merk ook hoe u dit sou verwag.

In figuur 4.22 word gesien dat verreweg die meeste respondente ten gunste daarvan is dat Bantoe programme op vaste tye uitgesaai word, en dat hulle ook verwag dat dit so sal geskied. Die voorkeur vir vaste tye van uitsendings is ook gevind in alle subgroepe waar die verdeling geskied het volgens taal (figuur 4.23), onderwyspeil (figuur 4.24) of voorneme om 'n stel aan te skaf of nie (figuur 4.25).

FIGUUR 4.22

STEEKPROEF SE VERWAGTINGS EN VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN DIE UITSAAITYE VAN BANTOEPROGRAMME

(N = 2 500)	 = Verkies  = Verwag	%
Vaste tye		77,76
		68,68
Verskillende tye		10,60
		11,56
Onseker		9,80
		16,32
Ongespesifiseerd		1,84
		3,44

FIGUUR 4.23

TAALGROEPE SE VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN DIE TYE WAAROP BANTOEPROGRAMME
UITGESAAI MOET WORD

			%
Vaste tye	Afrikaans (x)		76,30
	Engels (xx)		80,36
	Ander taalgroepe (xxx)		76,98
Verskillende tye	Afrikaans		11,04
	Engels		10,10
	Ander taalgroepe		10,07
Onseker, ongespesi- fiseerd	Afrikaans		12,66
	Engels		9,54
	Ander taalgroepe		12,95










(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 4.24

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN DIE TYE WAAROP BANTOEPROGRAMME UITGESAAI MOET WORD VOLGENS ONDERWYSPEIL

			%
Vaste tye	St. 8 of laer ^(x)		70,54
	St. 9 of 10 ^(xx)		80,17
	Hoër as st. 10 ^(xxx)		82,82
Verskillende tye	St. 8 of laer		11,50
	St. 9 of 10		10,33
	Hoër as st. 10		10,00
Onseker, ongespe- sifiseerd	St. 8 of laer		17,96
	St. 9 of 10		9,50
	Hoër as st. 10		7,18

(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

FIGUUR 4.25

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN DIE TYE WAAROP BANTOEPROGRAMME UITGESAAI MOET WORD VOLGENS DIE VOORNEME OM 'N STEL AAN TE SKAF OF NIE

			%
Vaste tye	Aanskaf (x)		80,10
	Nie aanskaf nie (xx)		70,66
	Weet nie (xxx)		62,30
Verskillende tye	Aanskaf		10,93
	Nie aanskaf nie		8,11
	Weet nie		10,47
Onseker, ongespe- sifiseerd	Aanskaf		8,97
	Nie aanskaf nie		21,23
	Weet nie		27,23

(x) N = 2 050

(xx) N = 259













(xxx) N = 191

4.10 *Wat advertensies in Bantoetale betref, dink u dat sulke advertensies by bogenoemde diens net by Bantoe programme moet verskyn, of by enige programme geplaas kan word, of glad nie moet verskyn nie? Merk ook wat u verwag.*

Soos by die vorige vraag, is daar geen onduidelikheid oor watter alternatief verkies word nie, en stem die voorkeur en verwagting van die steekproef ooreen. Met 'n groot meerderheid het die respondente verkies en verwag dat advertensies in Bantoetale net by Bantoe programme geplaas word (sien figuur 4.26). Weer eens was die voorkeur van subgroepe verdeel volgens taal, onderwyspeil en voorneme om 'n stel aan te skaf of nie (sien figure 4.27 tot 4.29), dieselfde as dié van die geheel. Dit dien verder hier bygevoeg te word dat ten tye van die beantwoording van hierdie vraag, die verklaring dat televisie in Suid-Afrika aanvanklik sonder advertensies sou wees, nog nie offisiëel gemaak was nie.

FIGUUR 4.26

STEEKPROEF SE VERWAGTINGS EN VORKEURE TEN OPSIGTE VAN ADVERTENSIES, IN BANTOETALE

(N = 2 500)	 = Verkies  = Verwag	%
Net by Bantoe - programme		71,84
		68,80
By enige programme		9,56
		9,64
Glad nie		13,56
		8,60
Onseker		4,40
		10,32
Ongespesifiseerd		0,64
		2,64

FIGUUR 4.27

TAALGROEPE SE VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN ADVERTENSIES IN BANTOETALE

			%
Net by Bantoe- programme	Afrikaans ^(x)		73,01
	Engels ^(xx)		71,94
	Ander taalgroepe ^(xxx)		65,83
By enige programme	Afrikaans		7,36
	Engels		12,79
	Ander taalgroepe		10,07
Glad nie	Afrikaans		14,57
	Engels		10,44
	Ander taalgroepe		18,71
Onseker, ongespesi- fiseerd	Afrikaans		5,06
	Engels		4,83
	Ander taalgroepe		5,39

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 4.28

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN ADVERTENSIES IN BANTOETALE VOLGENS ONDERWYS-
PEIL

			%
Net by Bantoe- programme	St. 8 of laer ^(x)		68,52
	St. 9 of 10 ^(xx)		75,41
	Hoër as st. 10 ^(xxx)		71,41
By enige programme	St. 8 of laer		8,34
	St. 9 of 10		8,78
	Hoër as st. 10		11,97
Glad nie	St. 8 of laer		15,17
	St. 9 of 10		11,88
	Hoër as st. 10		13,52
Onseker, ongespe- fiseerd	St. 8 of laer		7,97
	St. 9 of 10		3,93
	Hoër as st. 10		3,10

(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

FIGUUR 4.29

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN ADVERTENSIES IN BANTOETALE VOLGENS DIE
 VOORNEME OM 'N STEL AAN TE SKAF OF NIE

			%
Net by Bantoe- programme	Aanskaf ^(x)		75,12
	Nie aanskaf nie ^(xx)		54,83
	Weet nie ^(xxx)		59,69
By enige programme	Aanskaf		9,27
	Nie aanskaf nie		10,42
	Weet nie		11,52
Glad nie	Aanskaf		11,85
	Nie aanskaf nie		23,55
	Weet nie		18,32
Onseker, ongespe- sifiseerd	Aanskaf		3,76
	Nie aanskaf nie		11,20
	Weet nie		10,47

(x) N = 2 050

(xx) N = 259

(xxx) N = 191

4.11 *Sou u verkies dat Bantoe programme so gou doenlik in 'n afsonderlike kanaal uitgesaai word?*

In figuur 4.30 word gesien dat die respondente 'n baie sterk voorkeur getoon het vir die spoedige instelling van 'n addisionele kanaal vir Bantoe programme. Dit was ook die geval in al die verskeie taal- en onderwyspeilgroeperinge (sien figure 4.31 en 4.32).

FIGUUR 4.30

STEEKPROEF SE VOORKEUR OOR 'N AFSONDERLIKE KANAAL VIR BANTOEPROGRAMME

(N = 2 500)		%
Ja		84,40
Nee		6,72
Onseker		7,80
Ongespesifiseerd		1,08

FIGUUR 4.31

TAALGROEPE SE VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN 'N AFSONDERLIKE KANAAL VIR BANTOEPROGRAMME

			%
Ja	Afrikaans (x)		86,73
	Engels (xx)		82,49
	Ander taalgroepe (xxx)		80,22
Nee, onseker, ongespesifiseerd	Afrikaans		13,27
	Engels		17,51
	Ander taalgroepe		19,78

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 4.32

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN 'N AFSONDERLIKE KANAAL VIR BANTOEPROGRAMME
VOLGENS ONDERWYSPEIL

			%
Ja	St. 8 of laer ^(x)		82,55
	St. 9 of 10 ^(xx)		86,47
	Hoër as st. 10 ^(xxx)		83,80
Nee, onseker, ongespesi- fiseerd	St. 8 of laer		17,45
	St. 9 of 10		13,53
	Hoër as st. 10		16,20

(x) N = 791

(xx) N = 968

(xxx) N = 710

4.12 *Dink u daar moet sportprogramme op Sondag uitgesaai word? Merk ook wat u verwag.*

Oor die geheel blyk dat die respondente met 'n groot meerderheid verwag dat geen sportprogramme op Sondag uitgesaai sal word nie, en dat hulle ook verkies (maar met 'n baie klein meerderheid) dat sulke uitsendings nie plaasvind nie (sien figuur 4.33). Wat die verskillende taalgroepe betref, is daar egter groot verskille in mening te bespeur. Uit figuur 4.34 word afgelei dat die Afrikaanssprekendes baie sterk gekant is teen die uitsendings, maar dat die Engelssprekendes en anderstaliges respektiewelik baie sterk en effens ten gunste daarvan is.











Indien die respondente volgens kerkverband ingedeel word, word

verdere verskille ten opsigte van hierdie vraag aangetref. Die groepe respondente van die Presbiteriaanse, Metodiste, Anglikaanse, Joodse en Rooms-Katolieke Kerke was ten gunste van sportuitsendings op Sondag, terwyl dié van die Apostoliese, Gereformeerde, Hervorinde en Nederduits Gereformeerde Kerke hul daarteen uitgespreek het (sien figuur 4.35).

'n Verdere interessante bevinding is dat respondente wat van plan was om 'n televisiestel aan te skaf, as groep nie teen die uitsendings was nie; menings daarvoor en daarteen het in omtrent gelyke hoeveelhede voorgekom (sien figuur 4.36). Diegene wat nie van plan was om 'n stel te kry nie of wat onseker daarvoor was, was sterk teen die uitsendings gekant. Wat onderwyspeil betref, was dit net die laagste groep (st. 8 of laer) wat as groep teen die uitsendings was (sien figuur 4.37).

FIGUUR 4.33

STEEKPROEF SE VERWAGTINGS EN VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN SPORTUITSENDINGS OP SONDAE

(N = 2 500)	 = Verkies  = Verwag	%
Sportprogramme op Sondag		44,04
		23,40
Geen sportprogramme op Sondag		50,20
		62,64
Weet nie		5,24
		11,64
Ongespesifiseerd		0,52
		2,32

FIGUUR 4.34

TAALGROEPE SE VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN SPORTUITSENDINGS OP SONDAE

			%
Sportpro- gramme op Sondae	Afrikaans ^(x)		21,09
	Engels ^(xx)		75,76
	Ander taalgroepe ^(xxx)		49,28
Geen sport- programme op Sondae	Afrikaans		73,62
	Engels		18,97
	Ander taalgroepe		41,37
Weet nie, ongespesi- fiseerd	Afrikaans		5,29
	Engels		5,27
	Ander taalgroepe		9,35

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 4.35

VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN SPORTUITSENDINGS OP SONDAE VOLGENS
KERKVERBAND

			%
Sportpro- gramme op Sondae	N.G. (N = 1093)		21,87
	Ned. Herv. (N = 134)		29,10
	Geref. (N = 84)		17,86
	Anglikaanse (N = 301)		76,41
	Metodiste (N = 247)		66,80
	Presbiteriaanse (N = 101)		76,24
	Rooms-Katolieke (N = 135)		80,00
	Apostoliese (N = 79)		26,56
	Joodse (N = 74)		79,73
Ander of geen (N = 233)		58,36	
Geen sport- programme op Sondae	N.G.		72,85
	Ned. Herv.		65,67
	Geref.		75,00
	Anglikaanse		17,24
	Metodiste		26,32
	Presbiteriaanse		21,71
	Rooms-Katolieke		13,33
	Apostoliese		69,69
	Joodse		14,81
Ander of geen		34,38	
Weet nie, ongespesi- fiseerd	N.G.		5,3
	Ned. Herv.		5,2
	Geref.		7,1
	Anglikaanse		6,3
	Metodiste		6,8
	Presbiteriaanse		1,9
	Rooms-Katolieke		6,6
	Apostoliese		3,8
	Joodse		5,4
Ander of geen		7,3	

FIGUUR 4.36

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN SPORTUITSENDINGS OP SONDAE VOLGENS
DIE VOORNEME OM 'N STEL AAN TE SKAF OF NIE

			%
Sportprogram- me op Sondae	Aanskaf ^(x)		48,44
	Nie aanskaf nie ^(xx)		24,32
	Weet nie ^(xxx)		23,56
Geen sport- programme op Sondae	Aanskaf		46,68
	Nie aanskaf nie		65,64
	Weet nie		67,02
Weet nie, ongespe- sifiseerd	Aanskaf		4,88
	Nie aanskaf nie		10,04
	Weet nie		9,42

(x) N = 2 050










(xx) N = 259

(xxx) N = 191

FIGUUR 4.37

VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN SPORTUITSENDINGS, OP SONDAE VOLGENS

ONDERWYSPEIL

			%
Sportprogramme op Sondag	St. 8 of laer ^(x)		36,28
	St. 9 of 10 ^(xx)		47,52
	Hoër as st.10 ^(xxx)		47,61
Geen sportprogramme op Sondag	St. 8 of laer		55,75
	St. 9 of 10		47,42
	Hoër as st. 10		48,03
Weet nie, ongespesifiseerd	St. 8 of laer		7,97
	St. 9 of 10		5,06
	Hoër as st. 10		4,36

(x) N = 791

(xx) N = 968




(xxx) N = 710

4.13 *Meen u daar behoort advertensies op Sondag uitgesaai te word?*

Soos in afdeling 4.10, moet die opmerking hier gemaak word dat hierdie vraag beantwoord is voordat daar besluit is om aanvanklik geen advertensies op Suid-Afrikaanse televisie te hê nie. Die respondente as geheel, asook die verskillende taal- en onderwyspeilgroeperings het hul sterk uitgespreek teen advertensies op Sondag (sien figure 4.38 tot 4.40). Daar moet egter in gedagte gehou word dat sommige van die "nee"-antwoorde die gevolg kan wees van 'n negatiewe houding teenoor alle advertensies, en nie net spesifiek teenoor advertensies op Sondag nie.

FIGUUR 4.38

STEEKPROEF SE MENING OOR ADVERTENSIES OP SONDAG

(N = 2 500)		%
Ja		30,52
Nee		62,76
Net sekere soorte		6,16
Weet nie		0,04
Ongespesifiseerd		0,52

FIGUUR 4.39

TAALGROEPE SE MENING OOR ADVERTENSIES OP SONDAE

			%
Ja	Afrikaans (x)		26,30
	Engels (xx)		37,26
	Ander taalgroepe (xxx)		29,14
Nee	Afrikaans		67,10
	Engels		57,46
	Ander taalgroepe		60,79
Net sekere soorte, weet nie, ongespe- sifiseerd	Afrikaans		6,60
	Engels		5,28
	Ander taalgroepe		10,07

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 4.40

*MENING OOR ADVERTENSIES OP SONDAE VOLGENS ONDERWYSPEIL

			%
Ja	St. 8 of laer ^(x)		24,15
	St. 9 of 10 ^(xx)		33,47
	Hoër as st.10 ^(xxx)		33,38
Nee	St. 8 of laer		67,38
	St. 9 of 10		60,95
	Hoër as st. 10		60,28
Net sekere soorte, weet nie en ongespe- sifiseerd	St. 8 of laer		8,47
	St. 9 of 10		5,58
	Hoër as st. 10		6,34

(x) N = 791

(xx) N = 968













(xxx) N = 710

4.14 Gestel dit is na 'n paar jaar van televisie-uitsendings moontlik om in twee kanale uit te saai. Ten opsigte van die taal van uitsendings, wat verkies en wat verwag u?

Ten tye van die beantwoording van hierdie vraag, was dit reeds deur middel van die pers en radio bekend gemaak dat Suid-Afrika aanvanklik 'n tweetalige televisiediens in een kanaal sou kry. Dit het dus waarskynlik gelyk dat die respondente sou verkies dat, indien twee kanale later moontlik sou wees, die tweetalige diens op ten minste een van die kanale behoue moes bly. Soos in figuur 4.41 egter gesien kan word, was dit nie die geval nie. Een Afrikaanse en een Engelse kanaal was vir die steekproef beide in voorkeur en in verwagting die gewildste alternatief, terwyl "een tweetalige en een in 'n Bantoetaal" en "beide tweetalig" gelyk tweede was. Die Afrikaanssprekende en Engelssprekende taalgroepe het ook afsonderlike Afrikaanse en Engelse kanale die meeste verkies, maar die anderstaliges het hul voorkeur aan twee tweetalige kanale gegee (sien figuur 4.42).

FIGUUR 4.41

STEEKPROEF SE VERWAGTINGS EN VORKEURE TEN OPSIGTE VAN DIE
 TAAL VAN 'N TWEKANAALDIENS

(N = 2 500)	 = Verkies  = Verwag	%
Een Afrikaans en een Engels		46,36
		36,92
Beide tweetalig (Afrikaans en Engels)		24,40
		24,00
Een tweetalig en een in 'n Bantoetaal		24,28
		24,16
Weet nie		4,04
		11,96
Ongespesifiseerd		0,92
		2,96

FIGUUR 4.42

TAALGROEPE SE VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN DIE TAAL VAN 'N
TWEEKANAALDIENS

			%
Een Afrikaans en een Engels	Afrikaans ^(x)		45,94
	Engels ^(xx)		51,40
	Ander taalgroepe ^(xxx)		31,29
Beide tweetalig (Afrikaans en Engels)	Afrikaans		26,07
	Engels		18,07
	Ander taalgroepe		37,05
Een tweetalig en een in 'n Bantoetaal	Afrikaans		22,62
	Engels		25,93
	Ander taalgroepe		27,34
Weet nie, ongespesi- fiseerd	Afrikaans		5,37
	Engels		4,60
	Ander taalgroepe		4,32

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

4.15 Gestel dit is naderhand moontlik om televisie in drie kanale uit te saai. Wat die taal van uitsending betref, watter een van die volgende moontlikhede verkies u, en watter een verwag u sal plaasvind? (Met "tweetalig" word hieronder Afrikaans en Engels bedoel).















Die moontlikhede waarna daar in die vraag hierbo verwys word, is die volgende:

- (i) "Al drie tweetalig",
- (ii) "Twee tweetalig, een Bantoetaal",
- (iii) "Een tweetalig, een Engels, een Afrikaans",
- (iv) "Een Afrikaans, een Engels, een Bantoetaal".

Wat beide voorkeur en verwagting betref, was die laaste van hierdie vier alternatiewe die gewildste onder die respondente (sien figuur 4.43). Hierdie alternatief is ook deur al die verskillende taalgroeperinge aangewys as die moontlikheid wat hul die meeste verkies (sien figuur 4.44).

FIGUUR 4.43

STEEKPROEF SE VERWAGTINGS EN VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN DIE TAAL VAN
'N DRIEKANAALDIENS

(N = 2 500)	 = Verkies  = Verwag	%
Al drie tweetalig		7,40
		6,00
Twee tweetalig, een Bantoetaal		17,28
		14,28
Een tweetalig, een Engels, een Afrikaans		15,52
		13,12
Een Afrikaans, een Engels, een Bantoetaal		54,96
		51,92
Weet nie		4,32
		11,96
Ongespesifiseerd		0,52
		2,72

FIGUUR 4.44

TAALGROEPE SE VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN DIE TAAL VAN 'N DRIE-KANAALDIENS

			%
Al drie tweektalig	Afrikaans ^(x)		7,75
	Engels ^(xx)		6,73
	Ander taalgroepe ^(xxx)		8,27
Twee tweektalig, een Bantoetaal	Afrikaans		18,02
	Engels		16,16
	Ander taalgroepe		17,63
Een tweektalig, een Engels, een Afrikaans	Afrikaans		16,95
	Engels		12,35
	Ander taalgroepe		17,99
Een Afrikaans, een Engels, een Bantoetaal	Afrikaans		51,76
	Engels		61,17
	Ander taalgroepe		50,72
Weet nie, ongespesifiseerd	Afrikaans		5,52
	Engels		3,59
	Ander taalgroepe		5,39

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

4.16 *Indien daar naderhand in twee kanale uitgesaai kan word, verkies u dat hierdie twee dienste verskil met betrekking tot die taal van uitsending, of dat hul verskil met betrekking tot die soort programme wat uitgesaai word (soos byvoorbeeld wanneer een kanaal hoofsaaklik opvoedkundige programme en die ander kanaal hoofsaaklik vermaak aanbied)?*

In figure 4.45 en 4.46 word gesien dat die respondente in die geheel, sowel as al die onderskeie taalgroepe, verkies het dat die kanale ten opsigte van soort programme eerder as ten opsigte van taal verskil. Dit is veral 'n interessante bevinding indien daar onthou word dat die respondente in antwoord op 'n vorige vraag (afdeling 4.14) afsonderlike kanale in Afrikaans en Engels bo twee tweetaliges verkies het.

'n Moontlike verklaring vir hierdie twee bevindings is dat die respondente hoofsaaklik daarin belanggestel het om die maksimum verskeidenheid van programme op die twee kanale te verkry. In so 'n geval kan dit wees dat hulle in afdeling 4.14 teen twee tweetalige kanale besluit het omdat hulle twee verskillende soorte kanale wou hê, en nie soseer weens redes van taalvoorkeur nie. In die huidige vraag is die gekose alternatief ook dié een wat waarskynlik die grootste moontlikheid bied dat daar op enige gegewe tydstip verskillende soorte programme op die twee kanale te sien sal wees.

FIGUUR 4,45

STEEKPROEF SE VOORKEUR OOR DIE AARD VAN 'N TWEEKANAALDIENS

(N = 2 500)		%
Verskil ten opsigte van taal		28,72
Verskil ten opsigte van soort programme		69,28
Weet nie		0,40
Ongespesifiseerd		1,60

FIGUUR 4.46

TAALGROEPE SE VOORKEUR OOR DIE AARD VAN 'N TWEEKANAALDIENS

			%
Verskil t.o.v. taal	Afrikaans (x)		29,75
	Engels (xx)		29,52
	Ander taalgroepe (xxx)		22,66
Verskil t.o.v. soort programme	Afrikaans		67,94
	Engels		68,91
	Ander taalgroepe		75,18
Weet nie, ongespesifiseerd	Afrikaans		2,31
	Engels		1,57
	Ander taalgroepe		2,16

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

WAT UITGESAAI GAAN WORD

5.1 *Algemeen*

Hierdie hoofstuk gaan oor die respondente se verwagtings en voorkeure ten opsigte van aard, inhoud, beheer, gehalte en wyse van aanbieding van alle programme of advertensies wat op Suid-Afrikaanse televisie uitgesaai kan word. Die resultate word op dieselfde wyse as in die vorige hoofstukke aangebied, dit wil sê die vrae word woordeliks aangehaal en die antwoorde in die meeste gevalle met behulp van histogramme geïllustreer.

5.2 *Dink u dat daar 'n mate van beheer of sensuur op programme toegepas moet word? Merk ook hoe u dit verwag.*













Wat die beheer oor televisie in ander lande betref, is daar in die meeste gevalle een of ander vorm van staatskontrole oor die programme. In die VSA byvoorbeeld word televisie deur die Federal Communications Commission (FCC) beheer (Summers, 1966). Hierdie komitee bestaan uit sewe persone wat deur die President aangestel word, en het die reg om uitsaailisensies te weier (Chester, Garrison en Willis, 1971). Die beginsel onderliggend aan hulle werk is dat kompetisie tussen groepe wat uitsaai, 'n goeie diens sal meebring, en dat enige tekortkominge deur beheer van die kant van die regering reggestel kan word (Cox, 1969). In Nederland staan die uitsaaiwese onder die beheer van die Minister van Kultuur, Ontspanning en Maatskaplike werk, in Swede onder die Minister van Kommunikasie, en in Australië onder die Australian Broadcasting Control Board (Emery, 1969).

Daar moet egter bygevoeg word dat hierdie staatsbeheer dikwels meer die vorm van algemene riglyne aanneem, en nie noodwendig met spesifieke programme se inhoud te doen het nie.

Soos afgelei kan word uit figuur 5.1, bestaan daar onder die respondente as geheel 'n sterk behoefte dat daar ook in Suid-Afrika 'n vorm van beheer of sensuur van programme moet wees. Matige sensuur word verkies, maar streng sensuur word egter verwag. 'n Groter persentasie van die Afrikaanssprekendes as van die Engels- of anderstaliges het sensuur voorgestaan, maar gesinsgrootte het geen noemenswaardige rol hierby gespeel nie (sien figure 5.2 en 5.3).

FIGUUR 5.1

STEEKPROEF SE VERWAGTINGS EN VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN DIE MATE VAN SENSUUR OP PROGRAMME

(N = 2 500)	 = Verkies  = Verwag	%
Geen sensuur		15,04
		4,80
Matige sensuur		58,60
		37,96
Streng sensuur		21,04
		45,12
Onseker		4,60
		9,20
Ongespesifiseerd		0,72
		2,92

FIGUUR 5.2

TAALGROEPE SE VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN DIE MATE VAN SENSUUR
OP PROGRAMME

			%
Geen sensuur	Afrikaans (x)		7,90
	Engels (xx)		23,91
	Ander taalgroepe (xxx)		17,99
Matige sensuur	Afrikaans		58,36
	Engels		60,72
	Ander taalgroepe		54,32
Streng sensuur	Afrikaans		28,91
	Engels		11,34
	Ander taalgroepe		16,55
Onseker, ongespesifiseerd	Afrikaans		4,83
	Engels		4,03
	Ander taalgroepe		11,14

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

FIGUUR 5.3

VOORKEURE TEN OPSIGTE VAN DIE MATE VAN SENSUUR OP PROGRAMME
VOLGENS GESINSGROOTTE

			%
Geen sensuur	1 in gesin ^(x)		16,91
	2-4 in gesin ^(xx)		13,96
	5-7 in gesin ^(xxx)		17,01
	8 of meer in gesin ⁽⁺⁾		12,31
Matige sensuur	1 in gesin		56,65
	2-4 in gesin		60,14
	5-7 in gesin		62,15
	8 of meer in gesin		57,29
Streng sensuur	1 in gesin		21,04
	2-4 in gesin		20,05
	5-7 in gesin		17,53
	8 of meer in gesin		24,62
Onseker	1 in gesin		6,40
	2-4 in gesin		5,85
	5-7 in gesin		3,31
	8 of meer in gesin		5,78

(x) N = 157

(xx) N = 1 573

(xxx) N = 710

(+) N = 49

Noem enigiets wat volgens u mening nie op televisie geadverteer moet word nie.

Die respondente se antwoorde (gegee op 'n tydstip toe dit nog nie bekend was . . . dat alle advertensies aanvanklik verbied sou wees nie) word in die onderstaande lys aangegee. Aangesien elke persoon meer as een artikel kon noem, is die som van al die persentasies (met N = 2 500) groter as 100.

<u>Antwoord</u>	<u>Persentasie</u>
Drank, alkohol	13,72
Sigarette, tabak	12,92
Onderklere	4,60
Reukweermiddels	0,40
Skoonheidsmiddels, grimeermiddels	0,28
Seep	0,96
Ander intieme toiletgeriewe	1,04
Medisyne	0,88
Dwelmmiddels	1,80
Kos	0,24
Motors	0,36
Wapens	0,20
Advertensies met naaktheid	8,72
" " geweld en moord	1,64
" " misdaad (behalwe geweld en moord)	0,32
" " swak taal	0,24
" " valse oplossings vir probleme	0,24
" " swak tegniese versorging	0,12
" " politieke implikasies of verbintenisse	2,80
" " 'n godsdienstige strekking	0,48
" " popmusiek	0,04
" " wat die jeug kan benadeel	0,84

(vervolg)

<u>Antwoord</u>	<u>Persentasie</u>
Ander advertensies	0,60
Alle advertensies moet verbied word	2,56
Ongespesifiseerd	60,56

Uit bostaande persentasies kan afgelei word dat die sterkste gevoel teen drank- en sigaretadvertensies was. In 'n ondersoek in Australië is bevind dat respektiewelik 51% en 46% van die respondente teen die uitsending van sigarette- en alkoholadvertensies was gedurende tye wanneer kinders daarna kon kyk (Australian Broadcasting Control Board, 1970). In die VSA het Steiner (1963) ook bevind dat sigaretadvertensies ongewild was, maar dat bieradvertensies relatief populêr was. Die mening teen sigaretadvertensies in die VSA het daarna nog meer verskerp. In 1967 is bepaal dat vir elke drie sulke sigaretadvertensies daar een teen die rook van sigarette moes wees, en in 1971 is alle sigaretadvertensies op televisie finaal verbied (Liebert, 1973).

Dit wil voorkom asof die weerstand teen advertensies oor spesifieke artikels gegrond is in òf die siening dat dit onbetaamlik is om daardie artikels openlik te bespreek, òf in die siening dat die artikels skadelik kan wees. So is daar byvoorbeeld in 'n ondersoek in Australië bevind dat respektiewelik 41%, 31% en 20% van die respondente advertensies oor damesonderklere, toiletpapier en reukweermiddels as swak smaak beskou het (Australian Broadcasting Control Board, 1971). Die ongewildheid van advertensies oor artikels wat dalk nadelig kan wees (byvoorbeeld sigarette), lewer bewys van die publiek se geloof dat advertensies baie effektief kan wees. In die bedryf is baie voorbeelde van sulke doeltreffende

reklameveldtogte (Chester, Garrison en Willis, 1971). Daar is gevind dat advertensies soms houdings verander deur die relatiewe belangrikheid van die houdings te verander (Krugman, 1965). Teenad-vertensies (soos byvoorbeeld advertensies gemik teen die rook van sigarette) is egter nie altyd so effektief nie, want hulle invloed is dikwels hoofsaaklik beperk tot mense wat reeds in 'n mate die verlangde gedraggunstig bejeën (O'Keefe, 1971). Daar is ook bevind dat effektiwiteit van reklame baie afhang van die soort produk wat geadverteer word (Caffyn en Rogers, 1970).

















5.4 *Indien daar wel beheer of keuring van programme is, watter een van die volgende liggame of groepe dink u behoort daarby die meeste seggenskap te hê? Merk ook hoe u dit verwag.*

In afdeling 5.2 is genoem dat in ander lande die beheer van televisie-programme in die breë onder een of ander staatsinstansie val, maar dat besluite oor die inhoud van spesifieke programme in die praktyk gewoonlik aan die uitsaailiggame oorgelaat word (sien ook Paulu, 1967). In die VSA byvoorbeeld het elke netwerk sy eie sensors (Liebert, 1973), en skenk die FCC hoofsaaklik aandag aan sake soos die toekenning van lisensies in die verskillende markgebiede (sien Peterman, 1971), en die verspreidheid en duplisering van programme in hierdie markgebiede (sien Levin, 1971; en Greenberg, 1971). Selfs dan kom die aktiwiteite van die FCC soms onder hewige kritiek van die publiek en sakelui (sien Fisher, 1969; en Barker, 1969). In uitsonderlike gevalle (soos in die geval van sigaretadvertensies) kan dit egter gebeur dat die FCC teen spesifieke uitsendings of soort uitsendings optree.

In figuur 5.4 word gesien dat die respondente verkies dat die beheer van programinhoud ook in Suid-Afrika deur die uitsaailiggame, dit is die SAUK, behartig word. Die verwagting is ook dat dit so sal plaasvind. Voorke- vir beheer deur die SAUK het verder by al die taalgroepe voorgekom (sien figuur 5.5).

FIGUUR 5.4

STEEKPROEF SE VERWAGTINGS EN VORKEURE TEN OPSIGTE VAN
DIE LIGGAAM IN BEHEER VAN SENSUUR

(N = 2 500)	 = Verkies  = Verwag	%
SAUK self		64,24
		42,32
Sensorraad		12,52
		26,00
Kerke		3,68
		5,00
Regering		6,88
		17,04
'n Ander groep bevoegde persone		10,00
		4,48
Weet nie		0,72
		1,00
Ongespesifiseerd		1,96
		4,16

FIGUUR 5.5

TAALGROEPE SE VOORKEUR TEN OPSIGTE VAN DIE LIGGAAM IN BEHEER VAN
SENSUUR

			%
SAUK self	Afrikaans (x)		66,79
	Engels (xx)		59,03
	Ander taalgroepe (xxx)		68,35
Sensorraad	Afrikaans		12,35
	Engels		13,69
	Ander taalgroepe		10,07
Kerke	Afrikaans		4,68
	Engels		2,36
	Ander taalgroepe		3,60
Regering	Afrikaans		9,05
	Engels		3,59
	Ander taalgroepe		7,55
'n Ander groep bevoegde persone, weet nie, ongespesifiseerd	Afrikaans		7,13
	Engels		21,33
	Ander taalgroepe		10,47

(x) N = 1 304

(xx) N = 891

(xxx) N = 278

5.5 *Indien daar wel beheer of sensuur is, by watter van die volgende dink u behoort dit te geld, en by watter dink u sal dit geld?*

Die onderwerpe waaroor dit in hierdie vraag gegaan het, was-

- (i) geweldtonele;
- (ii) gewaagde liefdestonele;
- (iii) politieke sienings;
- (iv) misdaad;
- (v) rassesaak.

